# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

GRATIS
Uitgawe 102
25 Januarie 2025
www.boerhier.co.za

BOERhier partnering with KYRON AGRI




## Oppi-Plaas Fees 2025

# INHOUD


4 Oppi-Plaas Fees 2025: Plaaslewe, Kultuur en Onvergeetlike Gesinspret in Dullstroom!

10 Steel Tube and Pipe Profiles het bulsterk beeskrale

11 Damvlakke

15 Dié bakkie is knap allesdoener

25 Pluimveebedryf steeds nie op volle kapasiteit

32 “Ongelooflike resultate, ekonomies en bekostigbaar”

39 Hommeltuie vs trekkers in boerdery: die toekoms van effektiewe landbou

45 Hoe om te besluit oor ’n trekkerbelegging

53 Getuienis: Die Kalahari Wildlife Project

60 Voeding wenke vir veeboere tydens droogte

71 Het jy geweet?

72 Resep: Biltong Muffins

73 Wat sê die Markte

74 Vorige Uitgawes



Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.



Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.



Vir verdere navraag, kontak: 073 895 6392 of e-pos info@boerhier.co.za



Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za

Ingligting vir advertensies en artikels vir BOERhier word verskaf deur adverteerders.



BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat ’n transaksie behartig word en ’n produk gebruik word.





Foto: Affieplaas Fotografie

# Wees 'n goeie eggenoot

Dis vir my so lekker om die kalwerliefde van jongmense dop te hou. Hulle is die heeltyd in mekaar se space bubbles. Soms wonder ek of my seun nog weet dat hierdie sy ouerhuis is en nie net 'n pitstop vir skoon klere en sakgeld nie.

Dis vir my net so lekker om betrokke te wees by jong paartjies wat wil trou. Hulle sit so styf teen mekaar op die bank en hou hande vas. Hulle is al te geneë om te leer en saam aandag te gee aan die werksareas wat die program geïdentifiseer het.

Dis vir my so lekker om God se Woord te bring by die troues waar die twee trou aan mekaar belowe. Hulle oë skitter en in die toesprake belowe hulle om deur dik en dun mekaar te dien.

Dan is dit nie vir my lekker om te sien hoe hierdie pragtige paartjie se wiele afkom sodra die lewe te bedrywig raak en die kinders al hoe meer aandag vereis nie. Ja, ek weet daar is huwelike waar die een party heeltyd skeeftrek en die ander een mishandel. As die een nie sy streke laat staan nie, is daar 'n groot kans dat die ander uit hierdie onveilige mure gaan breek.

Waar steek die eerste krakie sy kop uit? Ek het dit al gesê, maar ek sê dit weer. Dis so belangrik. Wanneer 'n paartjie by my pa se spreekkamer opgedaag het, was sy eerste vraag aan hulle: "Bid julle nog saam?"

Wanneer 'n paartjie gereeld saam bid, is dit nogal nie so maklik om te baklei nie. Wanneer jy deur gebed vir God en die Heilige Gees daagliks in jou huwelik innooi, is dit makliker om sagte woorde vir mekaar te hê, al is die weer bewolk.

Dan is dit so belangrik dat ons mekaar dien. Let wel: mekaar. 1… Wees 'n goeie vrou (en man) vir jou man (en vrou). Doen wat hy (of sy) van jou verwag. Die 1983-vertaling praat van onderdanig.

Vrou én man moet aan mekaar onderdanig wees. Daar is sekere afdelings in die huis wat ek oorgee aan my vrou, want sy is eenvoudig beter daarin. Sy call the shots daar en ek aanvaar dit met liefde so.

Daar is weer ander afdelings wat ek weer beter doen en sy aanvaar dat ek daar in beheer is. Dit is belangrik dat ons albei ons deel in die huis en in ons huwelik doen, want dit verseker 'n gelukkige lewe.

Wanneer 'n mens besluit om te trou, offer 'n mens 'n stuk van jouself op. Die "ek wil hê" word vervang met wat "ons wil hê". Wat vir my belangrik is, verander na wat vir ons belangrik is. Maar dit lyk vir my hoe langer 'n mens getroud is, hoe meer word die ons na die agtergrond geskuif en kom staan die eie ek kordaat regop.

Die huwelik is nie give and take nie. Jy gee 'n bietjie en ek gee 'n bietjie nie. Nee, die huwelik is gee en gee en gee. As jy iets terug ontvang, is dit 'n bonus. Kom ons maak tyd vir mekaar en kyk waar kan ons skaaf om 'n goeie eggenoot te wees. Kom ons kyk waar ons aan die ander een se verwagtinge kan voldoen. Kom ons kyk hoe ons die wêreld kan wys hoe werk 'n gesonde huwelik en hoe ons mekaar regtig kan geniet.

**Teks**

1 Petrus 3:1-7

**Om oor na te dink**

- Waar is daar haakplekke in jou huwelik?
- Waar is werksareas?
- Hoe kan julle mekaar beter dien?

**Gebed**

Vader, dankie vir my huwelik. Ja, ek weet daar is plekke waar ons moet skaaf. Gee aan my asseblief meer wysheid en versterk ons liefde vir mekaar. Amen.

Bron: https://kruispad.com/wees-n-goeie-eggenoot/

Foto: Affieplaas Fotografie

# Oppi-Plaas Fees 2025:

# Plaaslewe, Kultuur en Onvergeetlike Gesinspret in Dullstroom!

**Dullstroom, een van Suid-Afrika se mees asemrowende plattelandse dorpe, maak gereed vir die Oppi-Plaas Fees 2025, wat op 14 en 15 Junie plaasvind. Hierdie jaarlikse hoogtepunt in die Afrikaanse kalender bring die gees van plaaslewe en kultuur tot lewe en beloof om 'n unieke ervaring vir jong en oud te wees.**

## 'n Fees Vir Die Hele Gesin

Oppi-Plaas Fees is nie net 'n gewone fees nie – dit is 'n totaal-omvattende ervaring wat ontwerp is om mense van alle ouderdomme te betrek. Die fees het oor die afgelope drie jaar gegroei tot 'n instelling wat mense van regoor die land lok.

**Musiek Hoogtepunte:** Kunstenaars van topgehalte sorg vir skouspelagtige vermaak. Brendan Peyper, Nicholis Louw, Eloff, en Corlea Botha is net 'n paar van die bekende name wat op die verhoog sal wees. Hul gewilde liedjies en energieke optredes beloof om feesgangers te laat dans en sing. Onder leiding van MC Matie van Graan, sal die program naatloos vloei, terwyl die Moonshine Country Blues Band musiekliefhebbers se harte sal steel.

**Opwindende Aktiwiteite:** Die feesprogram sluit uitdagende en prettige aktiwiteite in vir die hele gesin. Een van die hoogtepunte is die visvangkompetisie, waar hengelaars van alle vlakke kan deelneem en die kans kry om die grootste vis te vang. Die meer avontuurlustiges kan hulle hand waag aan die driekamp, wat 5 km hardloop, 10 km fietsry en 15 km perdry insluit – 'n unieke uitdaging wat individue en spanne aanspreek.

**3D Barrel Racing:** Liefhebbers van perdry sal verheug wees om die opwindende 3D-barrel racing te sien, waar talentvolle ruiters en hul perde hulle vaardighede wys. Hierdie aksiebelaaide gebeurtenis is 'n visuele fees vir toeskouers.




## Vier Vadersdag op 'n Spesiale Wyse

Sondag, 15 Junie, is spesiaal gewy aan **Vadersdag**. Bring jou familie en geniet 'n smaaklike spitbraai in die geselskap van geliefdes. Hierdie heerlike ete is die ideale manier om pa's te eer en 'n onvergeetlike dag saam deur te bring. Kaartjies vir die spitbraai is beperk en moet vooraf gekoop word.

## Smake en Produkte van Die Platteland

Die fees bied 'n wye verskeidenheid plaaslike stalletjies wat heerlike kos, vars produkte en unieke handwerk insluit. Besoekers kan smul aan tradisionele disse soos boereworsrolle en melkterte, of pragtige handgemaakte items ontdek.

**Biertent:** Vir diegene wat wil ontspan, is daar 'n biertent waar koue drankies en gesellige geselskap wag.

Die kombinasie van goeie kos, 'n vriendelike atmosfeer en plaaslike gemeenskap maak dit 'n ervaring om te onthou.

## Kaartjies en Besprekings

Kaartjies vir die Oppi-Plaas Fees is reeds beskikbaar op **iTickets**, en dit word sterk aanbeveel om vroegtydig te bespreek. Let daarop dat kaartjies teen die hekke 10% duurder sal wees, so besprekings vooraf is noodsaaklik.

Vir besoekers wat wil oornag, bied Dullstroom 'n verskeidenheid akkommodasie-opsies. Dit is egter belangrik om vroegtydig te bespreek, aangesien kamers vinnig vol bespreek word tydens die fees.

## Die Geskiedenis van Oppi-Plaas Fees

Die Oppi-Plaas Fees het in 2023 begin as 'n fondsinsamelingsprojek vir die plaaslike boerevereniging. Wat as 'n klein gemeenskapsgeleentheid begin het, het vinnig ontwikkel tot 'n nasionale instelling. In sy derde bestaansjaar het die fees gegroei tot 'n gebeurtenis wat duisende besoekers lok. Hierdie groei beklemtoon die krag van gemeenskap en die liefde vir plaaslewe in Suid-Afrika.

## Waarom Jy Dit Nie Wil Misloop Nie

Oppi-Plaas Fees is meer as net 'n fees – dit is 'n geleentheid om bande te versterk, herinneringe te skep en die ryk kultuur van plaaslewe te vier. Die fees bied iets vir almal, of jy nou 'n musiekliefhebber, avonturier of kosentoesias is. Met topklas vermaak, unieke aktiwiteite en die hartlike atmosfeer van Dullstroom, beloof dit om 'n hoogtepunt van die jaar te wees.

**Besoek https://itickets.co.za/events/480659 vir kaartjies en meer inligting. Moenie die kans mis om deel te wees van hierdie spesiale naweek nie – trek jou stewels aan en kom ervaar die beste van die plaaslewe by Oppi-Plaas Fees 2025!**

## Oor The Outpost

The Outpost Dullstroom, geleë op 'n rustige 200-hektare plaas net 13 kilometer buite Dullstroom, bied die perfekte wegbreek in die natuur. Met welige omgewings, twee groot damme en 'n oorvloed voëllewe, insluitend die bedreigde Lelieloper, is dit 'n ideale plek vir ontspanning of spesiale geleenthede. Besoekers kan gerieflike selfsorg-akkommodasie geniet, geskik vir gesinne, groepe en spesiale byeenkomste.

Bekend vir sy eksklusiwiteit, bied The Outpost plek vir tot 150 gaste tydens troues, konferensies en feeste. Aktiwiteite soos staproetes, visvang en perdry maak dit 'n voorkeurbestemming vir onvergeetlike ervarings.













https://www.theoutpostdullstroom.co.za/




BOERMEDIA

McGEE Ford Since 1926

SoilGrow 100% ORGANIC FERTILIZER

MIDDELBURG
BE EQUIPPED FOR YOUR JOURNEY

LIQUID MOBILE SOLUTIONS

point S DULLSTROOM TYRE AND AUTO

Coastal HIRE

BOERhier
'n Boer is gekies deur God

THE OUTPOST DULLSTROOM

Dullstroom Manor
GAME & TROUT LODGE

Elandskloof TROUT FARM DULLSTROOM

# PRODUKSIEVEILING 2025



50 YEARS in the Dohne Merino Industry
Top Breeder Award Winner
2000, 2006, 2008, 2018

**80** A+AA RAMME
**200** JONG OOIE
**75** TOP DRAGTIGE STOETOOIE

Lewendige en Aanlyn Veiling

| | |
|---|---|
| Veilingsdatum: | **Woensdag, 29 Januarie 2025 om 12:00** |
| Plek: | **Klipbankskloof, Protem** |
| Besigtiging: | **Dag van veiling of vooraf gereël** |

| | | |
|---|---|---|
| Navrae: | Wynand du Toit: | **082 550 1242** |
| | Pieter Groenewald: | **079 681 0342** |



+27 (0) 82 550 1242
+27 (0) 28 452 1625
wynand@suidplaasdohnes.co.za
PO Box 4, Protem 7281
www.suidplaasdohnes.co.za

Dohne Merino

OVK

SUIDPLAAS DOHNES
genetics for profit • since 1972



ERMELO-OOS
Boerevereniging
Ermelo
Hooidag
TWK
agri
Beleef die nuutste hooimaaktoerusting in aksie ...en nog vele uitstallers
30 Januarie 2025
Tyd : 10:00
Plaas Smitsfield
26°27'54.9"S 30°14'48.3"E
Lothair pad
Gerhard Grobler : 079 897 3534
Jacob Celliers : 083 387 3149
BKB VAN WYK
MOOIMAN
JOHN DEERE
Coastal HIRE
WUHLF
MASCHIO GASPARDO
COMBI
zoetis
vkb
AFGRI
JR LUBRICANTS
LAND PART
KUHN
NEW HOLLAND
HEXAGON
Highveld Landini
McHale
ISUZU
CASE IH
Husqvarna
RovicLeers
RANDAGRI
KRONE
MASSEY FERGUSON
FALCON
AFRI AIR


ERMELO HOOIDAG
30 JANUARIE 2025 - 10H00
PLAAS SMITSFIELD, LOTHAIR PAD
McCORMICK
Power Technology.
Highveld Landini
GERZANDA 076 957 7627


WE ARE READY FOR 2025
ARE YOU?
One of the most well-known and professional game capturing companies in Limpopo!
BOOK WITH Awa GAME CAPTURES
We offer MORE than just capture...
Mass Capture
Sorting of Camps
Transport
Relocation
Profit Sharing Options
Purchase of Game on Veldt
Customised Solutions
Helicopter Services
Auctions
Permits
ZS-RMD
Amanda du Toit:
073 598 6761 | amanda.dutoit@awla.co.za
Alexi Dreyer:
071 896 6301 | alexi.dreyer@awla.co.za
Timon Dreyer:
079 853 0200 | timon.dreyer@awla.co.za

# Steel Tube and Pipe Profiles het bulsterk beeskrale



## 'n Mens kan Steel Tube and Pipe Profiles se verskuifbare beeskrale net op een manier beskryf: bulsterk!

Die maatskappy het aan alles gedink wanneer dit kom by die veilige hantering van jou beeste. Benewens beeskraalpanele vervaardig hulle ook selflaaiers, baalringe, weegkratte, lyfklampe, nekklampe, laaibanke en vele meer.

Steel Tube and Pipe Profiles is al vir langer as sewe jaar in die bedryf en hulle span boer ook self. Dit beteken dat al die onderneming se produkte eers deeglik op hulle eie plase getoets word voordat hulle dit begin vervaardig en aan boere verskaf.

### Die regte beeskraal vir jou boerdery

'n Beeskraal moet nie net sterk wees nie, hy moet ook maklik geskuif kan word en vir  baie jare hou sodat jou beesboerdery altyd 'n plesier bly. Met die regte kraal het jy beheer oor jou diere sodat jy maklik op enige plek met hulle kan werk.



Dit is presies wat Steel Tube and Pipe Profiles se beeskraalpanele lewer.

Jy kan kies tussen 'n 1,6 mm, 2 mm en 3 mm wanddikte en panele van 1,6 of 1,8 meter hoog.

'n Rekenaarbeheerde (CNC) plasmasnyer word gebruik om gate van die regte grootte op presies die regte plekke in die hoofraam te sny waar die dwarssparre inpas. Dit maak die panele sterker en daar is minder sweiswerk.

Hulle staal word met 'n beskermende onderlaag bedek en indien die boer verdere verfwerk verlang, kan dit as 'n ekstra koste op die faktuur aangebring word.

Hulle bring die kraal na jou toe

Steel Tube and Pipe Profiles lewer regoor die land af, met die uitsluiting van die Oos- en Wes-Kaap en verskaf aan beide klein- en grootskaalse boere.

Om meer te leer oor hulle beeskraalpanele en ook ander toerusting wat hulle beskikbaar het stuur gerus 'n e-pos na sales@steeltubeprofiles.co.za, skakel 072-879-4871, of besoek hulle Facebook-blad, Steel Tube and Pipe Profiles, of webwerf https://steeltubeprofiles.co.za.

Bron: https://proagri.co.za/steel-tube-and-pipe-het-bulsterk-beeskrale/

# DAMVLAKKE

Soos op 22 Januarie 2024




| Januarie | | |
|---|---|---|
| | 2024 | 2025 |
| Oos-Kaap | 87% | 81% |
| Vrystaat | 96% | 76% |
| Gauteng | 93% | 88% |
| KwaZulu-Natal | 89% | 92% |
| Limpopo | 85% | 85% |
| Mpumalanga | 97% | 95% |
| Noord-Wes | 78% | 73% |
| Noord-Kaap | 85% | 68% |
| Wes-Kaap | 77% | 79% |

Provincial Summary (sawx.co.za)

BOERhier
www.boerhier.co.za



# DIE ENIGSTE **DUBBEL -PENISILLIEN**[1] DROË KOEI BEHANDELING BESKIKBAAR IN SUID-AFRIKA

## CURACLOX DC

Intramammary

Kloksasillien en Ampisillien
**IN 'N LANGWERKENDE BASIS**



**`N ENKEL DROË KOEI BEHANDELING WAT EFFEKTIEF IS TEEN GRAM-POSITIEWE EN GRAM-NEGATIEWE BAKTERIEË BESKIKBAAR IN SUID-AFRIKA.**[4]

## INDIKASIES

Vir die eenstap-afdroog en behandeling van mastitis by droë koeie wat veroorsaak word deur bakterieë wat sensitief is vir kloksasillien en ampisillien.[1]

Curaclox DC is 'n kombinasie van semi-sintetiese penisilliene (ampisillien en kloksasillien), wat uitgebreide bakteriedodende aktiwiteit vertoon teen die meeste mastitis-veroorsakende patogene, insluitend penisillien-weerstandige stamme.[3]




Dit bied 'n breë-spektrum doeltreffendheid teen beide Gram-negatiewe en Gram-positiewe bakterieë (*Streptococcus spp., Staphylococcus spp., Corynebacterium pyogenes, Escherichia coli, Pseudomonas spp.*, ens.). Kloksasillien is ook aktief teen beta-laktamase-produserende stamme.[1,2,3]

pharma

**Produk naam:** Curaclox DC **Registrasienommer:** G2617 Wet 36/1947 (Suid-Afrika). **Elke 4,5 g spuit bevat:** Kloksasillien 500 mg, Ampisillien 250 mg **Registrasiehouer:** iPharma (Edms) Bpk, Reg. Nr. 2010/000192/07, 124 Elevation Laan, Randjesfontein, Midrand, 1683. **Verkoop en versprei deur:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid-Afrika. **Uitvoerlande:** Namibië - V00/16.1/265 Wet 13/2003 NS0

**Verwysings:** 1. Package insert approved 23-08-2021 2. Mercer, MA. 2022. MSD Veterinary Manual: Use of Penicillins in Animals. Online. Merck & Co. https://www.msdvetmanual.com accessed 26/09/2022, 18:15. 3. Jadhav BS, Pawar D, Vare V, Sonawane K, Shinde A. 2021. A review of synergistic fixed dose combination of Ampicillin and Cloxacillin or broad spectrum antibacterial activity. International Medical Journal Volume 28, Issue 02. Accessed https://www.researchgate.net 27/09/2022, 06:51. 4. MIMS. IVS SPECIALITY INDEX. 2022. Mammary gland 14.1. Volume 60 Number 2 June-August 2022

Sold and Distributed by:
Tel: 0861 247 463
www.kyronagri.com

KYRON AGRI

# BOERhier
'n Boer is gekies deur God

# FARMhere
Farmers are handpicked by God

## 2025 TARIEWE

BH Veilings: 5de van elke maand

FARMhere: 15de van elke maand

BOERhier: 25ste van elke maand




*Advertensie Tariewe*

*Eén prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer:*

*Volblad advertensie: R4 950 per maand*

*Artikel: R1 950 per tydskrif*

*Voorbladpakket: R10 850 per tydskrif*

(Voorblad, artikel en volblad advertensie)

**22**

**SOSIALE PLATFORMS**
**WEEKLIKSE PLASINGS**

Bogenoemde advertensies sluit in: Weeklikse advertensies op ons 22 sosiale media platforms.
Advertensies ontwerp op aanvraag teen 'n bykomende fooi (Bepalings en voorwaardes geld).

**BOERhier / FARMhere gee aan God al die eer en lof vir ons volgehoue sukses.**

## ADVERTEER BY ONS

**Bereik jou boerdery se volle potensiaal !**

073 895 6392 / 071 704 6282

E-POS: info@boerhier.co.za

Webtuiste: www.boerhier.co.za

# OKBK

*Veldram en Ooi veiling*

OOS-KAAP BOERBOKKLUB



**30 JANUARIE 2025 | 11H00 | SOMERSET OOS SKOUGRONDE**

## AANBOD: | 30 RAMME | 120 OOIE

Savanna Ramme en KR Ramme



**NAVRAE / ENQUIRIES:**

• Pieter Fouche 072 828 9265 • Richard Biggs 082 896 9226 • Ilse Fouche 082 743 8342

**AFSLAER / AUCTIONEER:**

Danie Strauss 072 585 4028

POSBUS 119 / PO Box 119, Cathcart 5310 | admin@futureauctioneers.co.za

CENTRAL SALEYARD online

FUTURE AUCTIONEERS

# Dié bakkie is knap allesdoener




**Toe ek 'n laaitie was, was die gewildste motors óf 'n luikrug soos 'n Golf óf 'n sedan soos 'n Corolla. Hier en daar het jy 'n Land Rover of dergelike voertuig gesien.**

En dan was daar die enkelkajuitbakkie.

Ons self het drie motors gehad: my ma se Uno, my stiefpa se W123 Mercedes-Benz en die Cortina-bakkie waarmee ons die karavaan viswater toe gesleep het.

Luikrug, sedan, bakkie. Siedaar.



Daar is nou egter alles van koepee-bakstyle met vier deure tot afslaankap-sportnutsvoertuie. As jy daaraan kan dink, bestaan dit. Tog het een voertuig in Desember die oog gevang.

Daar is sitplek vir vyf (nes in 'n luikrug of sedan), daar is 'n lekker laaibak agter (dís mos 'n bakkie), daar is 'n viertrekstelsel (nes met 'n Land Rover) én hulle is deesdae gerat om 3,5 ton te sleep.

Hier het jy dan 'n gesinsvoertuig wat te danke aan sy outomatiese ratkas ook in die verkeer werk toe kan ploeter, wat nie swaar op brandstof is nie, wat die woonwa Hartenbos toe kan sleep (sou jy wou) en wanneer jy die karavaan afgehaak het, kan jy Langduin op Vleesbaai gaan uitry.

Is die moderne dubbelkajuitbakkie die veelsydigste ryding tans te koop? Ek glo só.



Dié spesifieke bakkie is Mitsubishi se splinternuwe Triton. Dit is 'n aantreklike kabouter met 'n lekker ruim kajuit en goeie afwerking. Die agtersitplek van die Triton beïndruk met sy gemak; nie té regop nie, met 'n lekker hoek op die sitvlak. Daar is selfs USB-poorte agter vir die kinders se fone én hul eie lugreëling.

Voor in die kajuit is die paneelbord netjies en op skouervlak is daar voldoende ruimte.






Die kappie wat saam met die Edition 46-model kom, werk puik en sluit mooi. Die deurtjies aan die kant maak laai en uitlaai maklik en jy hoef nie eens die Jolly Trolley toe te vou as jy dit inlaai nie.

Onder die kap sit Mitsubishi se nuwe 2.4-viersilinderturbodieselenjin wat 135 kW en 430 Nm bied. Die bakkie handhaaf 'n puik balans tussen brandstofverbruik en verrigting. Tydens ons gebaljaar in die duine was daar nie een oomblik wat ek in sy krag getwyfel het nie.

Ek hoop wel dat ons in die toekoms die 150 kW/470 Nm-dubbelturbo-weergawe sal kry.

Mitsubishi praat van 'n 8,3 ℓ/100 km-verbruiksyfer. Ons het 10 ℓ/100 km gehandhaaf oor byna 5 000 km; dit is met dorpsverkeer én die duinepret ingesluit.

Die enjin is gekoppel aan 'n seepgladde 6-spoed-outomatiese ratkas met laestrek. Mitsubishi se Super Select II-viertrekstelsel is egter een van die bestes in die bedryf en sy agterste ewenaarslot skop maklik in en uit.

Die ritgehalte in die Triton is heel goed. Skrams harder in die Edition 46-weergawe te danke aan die meer robuuste alle-terreinbande. Die stuur is



effens te styf gekalibreer na my sin, maar jy raak dit vinnig gewoond.

Aan die veiligheidskant spog die Triton met 'n indrukwekkende suite veiligheidstelsels. Daar is die gewone stelsels soos sluitweerremme met elektroniese remkragverspreiding, vastrap- en stabiliteitsbeheer. Daar is sewe lugsakke en ook aktiewe stelsels soos blindekolwaarskuwing.

In 'n neutedop dus: Dit is 'n mooi meneer. Sy enjin is lekker sterk en dit is ekonomies. Mitsubishi het 'n puik reputasie wat betroubaarheid betref en die lekkerste van alles is dat dit nie een van die gewilder opsies is nie – wat beteken dit beland ook nie so gereeld in boewe se visier nie.

## Die mededingers lyk só:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Nissan Navara 2.5DDTi dubbelkajuit Pro-4X 4×4 outo | 140 kW /450 Nm | 8,1 ℓ/100 km | 6 jaar/150 000 km-waarborg 6 jaar/90 000 km-diensplan | R844 000 |
| Toyota Hilux 2.8GD-6 dubbelkajuit 4×4 Legend outo | 150 kW/ 500 Nm | 8 ℓ/100 km | 3 jaar/100 000 km-waarborg 9-dienste-diensplan | R909 400 |
| Isuzu D-Max 3.0TD dubbelkajuit V-Cross 4×4 outo | 140 kW/450 Nm | 8,1 ℓ/100 km | 5 jaar/120 000 km-waarborg 5 jaar/90 000 km-diensplan | R925 600 |
| Ford Ranger 2.0 BiTurbo dubbelkajuit Tremor 4×4 outo | 154 kW/500 Nm | 7,5 ℓ/100 km | 4 jaar/120 000 km-waarborg Diensplan opsioneel | R978 600 |

## Die reeks lyk só:

| | |
|---|---|
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit GL 4×4 handrat | R639 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit GLS outo | R679 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit GLS 4×4 handrat | R739 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit GLS 4×4 outo | R759 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit Xtreme outo | R769 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit Athlete outo | R779 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit Xtreme 4×4 outo | R849 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit Athlete 4×4 outo | R859 990 |
| Mitsubishi Triton 2.4DI-D dubbelkajuit Edition 46 4×4 outo | R889 990 |

Die reeks word gedek deur 'n 5 jaar/onbeperkte km-waarborg en 5 jaar/90 000 km-diensplan.

Al vyf die motors is werklik puik. Ek beskou die Navara as 'n winskoop teen R844 000 en die gemaklikste tussen hulle met sy kronkelvere agter.

### Maar die Triton is 'n puik opsie.

**(Fotos: Mitsubshi/Verskaf)**

Bron: https://maroelamedia.co.za/leefstyl/motors/die-bakkie-is-knap-allesdoener/




# ALGAR IND BK

**Livestock Handling Equipment**
**Veehanteringstoerusting**

algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256

# SAAM BOER ONS LEKKER










BOERhier
'n Boer is gekies deur God
&
FARMhere
Farmers are handpicked by God
&
BOERhier VEILINGS

# SALES REPRESENTATIVE REQUIRED

## Must have sales experience in agricultural industry

**Requirements:**

- Gather leads
- Self-motivated and meet or exceed goals
- Ability to track customer's problems
- Setting sales target
- Plan to reach the goal
- Research and identify the buyer persona
- Discuss, negotiate and lock to a sales agreement
- Sales driving pitch
- Research prospective clients
- Prepare the monthly/yearly report
- Be friendly and do follow ups

Must have a minimum of 10 years experience in corporate sales.
Basic provided for the first 3 months.
***Terms and conditions apply.***

**Contact: info@boerhier.co.za**

BOERhier / FARMhere gives God all the glory and honour for our continued success.

# Jeremia 29:11



"Ek weet wat Ek vir julle in gedagtes het. Ek beplan dat goeie dinge met julle sal gebeur en nie slegte goed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê.

Foto: Christine Vosloo Fotografi

# TRANSVELD
MEATMASTER KLUB

# AUCTION

250905
Something NEW is coming!



## 31 JAN 2025 @ 11:00

Fire & Wine, Pretoria
Floor & online bidding

## CONTACT:

Terence Long: 078 615 4917
Lana Prinsloo: 082 902 6593
Wessel Fourie: 082 302 4594
Mario Marais: 082 854 5110
transveldsecretary@gmail.com
Transveld Meatmaster Klub
www.meatmastersa.co.za / Transveld-Klub

Meatmaster
Geld uit die veld
Nature's Moneymaker

Corné du Plessis | 076 101 9996
Marlise | 065 716 4689 (Online)
PW van Heerden | 083 627 4133 (Marketing & Transport)
Jim Makgae | 073 735 9195 (Marketing)

cdpauctions.co.za

ONLINE CONDITIONS:
1) Fica documentation at registration
2) 1% Online auction commission payable
Online registration and more information:
https://bid.cdpauctioneers.co.za/


CdP AUCTIONEERING SERVICES

TRANSVELD

MEATMASTER KLUB

# TOP REASONS WHY YOU SHOULD BUY FROM TRANSVELD AUCTIONS

- More than 20 of South Africa's top breeders
- Multiple inspectors chosen by the Meatmaster society
- Floor & online bidding options are available
- Transport services are available
- Studbook Registered animals are available
- Proven Stud sires
- Hartswater adapted animals
- Added value - Transveld certified animals



Meatmaster

Geld uit die veld

Nature's Moneymaker

# 31 JANUARY 2025 AUCTION

# BREEDERS LIST

TRANSVELD
MEATMASTER KLUB

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| BELOFTE MEATMASTERS | WIHL VERMAAK | 0829208260 | HARTWATER | LIMPOPO |
| MULATI MEATMASTERS | DANIE VAN DER WATT | 082 572 4855 | NO HARTWATER | STOFFBERG, MP |
| CORNE DU PLESSIS MEATMASTERS | CORNE DU PLESSIS | 079 101 9996 | HARTWATER | ELLISRAS, L |
| NEW HEAVEN | TWISTEN SMITH | 076 964 3740 | HARTWATER | ELLISRAS, L |
| DE BEER BOERDERY | ANTON & TAHJA DE BEER | 066 004 7648 | HARTWATER | CULLINAN, GP |
| NU VINO MEATMASTERS | WESSEL FOURIE | 082 302 4594 | HARTWATER | BOSCHKOP, GP |
| DHIDEJAK MEATMASTERS | JOSEF KLEYNHANS | 072 073 9803 | HARTWATER | ELLISRAS, L |
| RED RIBBON MEATMASTERS | PW VAN HEERDEN | 083 627 4133 | HARTWATER | MOOIPLAATS, GP |
| HAKUNA MATATA MEATMASTERS | TERENCE LONG | 078 615 4917 | HARTWATER | BROEDERSTROOM, GP |
| SCHALK BURGER MEATMASTERS | LANA PRINSLOO/ SCHALK BURGER | 082 902 6593 | HARTWATER | SWAWELPOORT, GP |
| KAMEELFONTEIN MEATMASTERS | KELVIN DEALE | 079 493 0458 | HARTWATER | ROODEPLAAT, GP |
| SILVRETTA MEATMASTERS | HERCU & LESLEY VAN NIEKERK | 083 297 5450 | HARTWATER | MODIMOLLE, L |
| KERN MEATMASTERS | NICO GROBLER | 071 681 1180 | NO HARTWATER | KENHARDT, NC |
| VOORWAARTS BOERDERY | WF STRYDOM | 079 494 2822 | NO HARTWATER | KLERKSDORP, NW |
| KLIPKUIL MEATMASTERS | JOHAN VAN DEN BERG | 084 209 3342 | NO HARTWATER | VREDEFORT, FS |
| WILD EN VRY MEATMASTERS | LEON SPIES | 072 853 9664 | NO HARTWATER | NW |
| KROON MEATMASTERS | JOHANCO & JEANDI VERMEULEN | 082 954 0117/ 083 659 2904 | NO HARTWATER | VILJOENSKROON, FS |
| WILGERBOOM MEATMASTERS | WILLEM STEENKAMP | 083 256 2747 | NO HARTWATER | CALVINIA, NC |
| LANGKLOOF GAME FARM | LILANIE VILJOEN / ERICH BEKKER | 083 767 2777/ 082 713 8395 | HARTWATER | BELA-BELA, L |
| LAPFONTEIN MEATMASTERS | MELTON DE KLERK | 083 207 7265 | HARTWATER | HARTEBEESFONTEIN, NW |
| MADEVU FARMING & MEATMASTERS | JUAN GRANT | 076 674 6697 | HARTWATER | KLIPKOP, GP |

TRANSPORT: PW VAN HEERDEN 083 627 4133

# STEEL TUBE & PIPE PROFILES

## WEIGHCRATES FOR CATTLE



**Excellent quality & Great service**

## 2 ton scale






## We offer delivery

## +27 72 879 4871

Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng,1911

# Pluimveebedryf steeds nie op volle kapasiteit



Die Suid-Afrikaanse Pluimveebedryf is optimisties oor 2025, al worstel die bedryf met beduidende uitdagings. (Foto: Mario Tama/ AFP)

**Die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPV) het beduidende beleggings gedoen om weeklikse slagkapasiteit met drie miljoen te vermeerder; baie plase het egter nog nie weer hul 2023-kapasiteit, vóór die uitbreking van 'n voëlgrieppandemie, bereik nie.**

In 'n verklaring sê die SAPV hoewel hulle optimisties is oor die jaar wat voorlê, die bedryf steeds worstel met beduidende uitdagings en onsekerhede. Die grootste bekommernis bly steeds hoogs patogeniese voëlgriep (HPAI).

Die plaaslike pluimveebedryf word as 'n "nasionale bate" ter waarde van R65 miljard beskou, die naasgrootste landboubedryf. Dit is ook die grootste werkgewer in die landboubedryf met bykans 58 000 mense wat regdeur die waardeketting in diens geneem word.

Die bedryf het die reeds sy slagvermoë van 19,5 miljoen voëls per week verhoog tot 22,5 miljoen per week, hoewel daar tans slegs 21,5 miljoen hoenders per week geslag word.

Die ongebruikte kapasiteit is omdat sommige plase steeds van 2023 se voëlgriepuitbrekings herstel en baie boere nog nie bereid is om te veel waag terwyl die gevaar van 'n moontlike toekomstige uitbreking steeds dreig en invoere voortduur nie.

Sleutelkwessies soos die bekendstelling van inentingsprogramme, vergoeding vir voëls wat van kant gemaak moet word, wisselende handelsdinamika en stygende voerkoste wat gedryf word deur 'n sterker doller en swakker rand is in hierdie stadium die bo-aan die sakelys.

Pogings om wydverspreide inentings teen voëlgriep in te stel en 'n toekomstige ramp te voorkom, het tot stilstand gekom.

Tot op datum kon geen plaas nog aan die streng biosekerheidsprotokolle voldoen wat vir inentingsgoedkeuring vereis word nie en dit skep 'n dilemma vir die bedryf, sê die vereniging.

"Sonder inenting bly die sektor kwesbaar vir die verwoestende gevolge van hernieude uitbrekings van HPAI."

Met die risiko-aanwyser in die rooi, raak voëlgriep tans die meeste Europese lande en die meeste state in die VSA.

Twee soorte HPAI-stamme was betrokke by die uitbreking van 2023: H5N1, wat lande wêreldwyd geraak het, en H7N6, 'n stam uniek aan Suid-Afrika.

Drie H5-entstowwe is tans goedgekeur vir invoer, maar die mandaat-toetsprotokolle beteken dat dit steeds maande sal neem voor die H7-inentings goedgekeur kan word.

Die SAPV sê weeklikse onderhandelinge met die regering duur voort, maar 'n praktiese en uitvoerbare oplossing bly ontwykend.



Die hoender-invoerlandskap het verander. (Foto: Pixabay)

Die bedryf het John Steenhuisen, minister van landbou, reeds gevra om op verskeie vlakke in te gryp, onder meer met die vergoeding van boere wat hoenders van kant moes maak.

Met Europa se voëlgriepseisoen wat vanjaar vroeg begin het en die virus wat aggressief versprei – en nog drie Amerikaanse state wat die afgelope maand tot stilstand geruk is deur die virus – moet Suid-Afrika inentings prioritiseer om soortgelyke uitbrekings te versag en standaard-biosekerheidsprotokolle instel, hoe streng ook al.

Die hoender-invoerlandskap het ook verander. Hoewel invoere van 2023 tot 2024 gestyg het, het die invoer van snitte aan die been afgeneem. Die toename is gedryf deur meganies ontbeende vleis en afval, sonder tariewe.

Argentinië is vrygestel van teenstortingsmaatreëls en die SAPV sê goedkoop produkte uit dié land stroom Suid-Afrika binne; dit plaas plaaslike produsente verder onder druk.

Wat uitvoere betref, is vordering gemaak om nog uitvoermarkte te open.

Insetkoste bly egter ŉ bron van kommer, en die SAPV sê die prys van mielies en sojabone, noodsaaklike voerbestanddele, bly ŉ bekommernis.

Op tuisfront bly verbruikers ook steeds onder beduidende finansiële druk, met stygings in kleinhandelpryse wat verbruikers se keuse van aankope raak. Om dit te pak, het die SAPV in samewerking met die invoervereniging AMIE en rolspelers in die bedryf gevra dat BTW-vrytelling vir bevrore hoenderstukke en -afval geld. Sulke maatreëls sal broodnodige verligting bring aan huishoudings en plaaslike verskaffers ondersteun in ŉ poging om kostedoeltreffende hoenderprodukte te verskaf.

“Die bedryf is veerkragtig en toegewyd om die kompleksiteite van die komende jaar te navigeer,” sê die vereniging.

Bron: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/pluimveebedryf-steeds-nie-op-volle-kapasiteit/


# Graphic Design services

**FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND EVERYTHING INBETWEEN.**

- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations
- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards • Flyers
- Transcribing (audio to text)

**For more information please contact:**
**082 784 1838**
**cpietersen001@gmail.com**




ECO-VET
We love animals. Naturally.

# WE LOVE YOUR ANIMALS

## WITHOUT THE SIDE-EFFECTS.

Eco-Vet has 30+ fully registered & effective homeopathic remedies for your animals acute and chronic conditions.
From scratching and allergies to arthritis and epilepsy and much more!

- **Suitable for all animals**
- **Veterinarian developed**
- **4 year shelf-life**
- **Easy to use & understand**
- **Cannot be overdosed**
- **Side-effect free**
- **Fully registered remedies**

Visit Our Website & Socials:
www.ecovet.co.za
@EcoVetSA
EcoVet Agri SA

**Find out more TODAY!**

Head Office:
25 16th Street, Menlo Park, Pretoria
Our range is available nationwide.

More Information :
012-460-4808
083-810-6439 (WhatsApp)
Agri: 082-492-6736
media@ecovet.co.za



Le Roc Brangus
lerocshop
17de Produksieveiling
Geharde Vrugbare Veldaangepasde Diere
5 Februarie 2025
08:00 - 20:00 Timed Auction Only
TIMED AUCTION
ONLY
TAG THE DATE
AANLYNVEILING
WWW.OVK.CO.ZA
Brangus
40 Geregistreerde oop Verse
40 Koeie met kalwers
30 Dragtige Koeie
30 Golden Oldies
50 Swart Verse (loop by bulle)
30 Brangus Bulle
1 Droughtmaster Bul
2 Poena Brahman Bulle
www.leroc.co.za
Roc Master
Est. 2022
LOT 6 - LR 21 584
LE ROC
Gehalte met gehardheid




BOSVELDER™
Elite Veiling
BOSVELDER STUDIEGROEP
1 FEBRUARIE 2025 om 11:00
Warmbad Veemark, Bela-Bela
GPS: S 24°54'52.00" / E 028°21'52.00"
200 OOIE
25 RAMME
60 DAE GEWAARBORG
teen vrektes aan Hartwater
Swift VEE
STUDIEGROEP VOORSITTER: Theo Hoffman 084 313 7356 ONDER-VOORSITTER: Jaco de Wet 082 903 7033
BEMARKERS Carel Chalmers 082 896 9586 · Johan Bester 082 838 8976
AFSLAER Pieter-John Venter 082 924 5156
BOSVELD TAK potgietersrus@vleissentraal.co.za · www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
BOSVELD
BELA-BELA


# BOSVELDER™

*...selected by nature!*

## WHY YOU SHOULD MAKE US YOUR FIRST CHOICE:

- Hardy animals guaranteed
- Highly fertile with a 150% lambing rate that equals to minimum 3 lambs in 2 years
- Very versatile
- Very good adaptibility
- Minimum deworming
- Minimum dipping

**THE ONLY AUCTION WITH 60 DAY HEARTWATER WARRANTY**



BOSVELDER™

THE BREED FROM THE PAST *for the future!*

Theo Hoffman 084 313 7356 (Chairman)
Jaco de Wet 082 903 7033 (Vice-chairman)
Craig Watson 082 491 4383 (Secretary)

# Our Breeders

BOSVELDER™

### Thabazimbi
Limcroma Bosvelders
Annelda Renken 071 966 7840
anneldarenken@gmail.com

### Settlers
Vlakte Bosvelders
Maritz Grobler 082 767 0611
mgrobler@senco.co.za

### Polokwane
HiLand Bosvelders
Craig Watson 082 491 4383
Craigscottwatson@yahoo.co.uk

### Nylstroom
Manzi Bosvelders
Marnus 083 279 9792
marnusvanaswegen0@gmail.com

### Marken
Marken Bosvelder Skaap
Dirk Rosema 083 263 8282
derkrosema@gmail.com

### Naboomspruit
Prinsloo Bosvelders
Niel Prinsloo 082 416 4925
djprinsloo67@gmail.com

### Modimolle
Thienpont Bosvelders
Janie Thienpont 073 950 7717
thienpontboerdery@gmail.com

### Warmbad
The Nutty Bosvelders
Walter Smit 076 263 9784
walter@numzaan.com

### Mokopane/Potties
Klein Kalahari Bosvelders
Emile Forssman 083 777 4937
emile.forssman1@gmail.com

### Tolwe/Middelburg
Islardu Bosvelders
Elardus Erasmus 082 388 3108
islarduboerdery@vox.co.za

### Marble Hall
Inni-Bos Bosvelders
Louw de Wet 071 197 9390
louw@raakvattrading.co.za

### Mookgophong
Haakdoringkuil Bosvelders
Daleen Brooks 084 4402 731
bbbluesolar@gmail.com

### Loskopdam/Middelburg
Hoffman Bosvelders
Theo Hoffman 084 313 7356
theohoffman@yahoo.com

| | |
|---|---|
| Chairman | Theo Hoffman 084 313 7356 |
| Vice-chairman | Jaco de Wet 082 903 7033 |
| Secretary | Craig Watson 082 491 4383 |




BOSVELDER STUDY GROUP
Elite Auction
1 FEBRUARY 2025 AT 11:00
60 DAYS HEARTWATER WARRANTY ON ALL ANIMALS
Warmbad Veemark, Bela-Bela
GPS: S 24°54'52.00" / E 028°21'52.00"
BOSVELD
BELA-BELA





# Supplying Africa with environmentally friendly products





AgriConsult Africa

AGRIBUSINESS CONSULTING

A range of products containing 100% Natural, environmentally friendly Live Bacterial Enzymatic blend, used in Agriculture to improve quality, yield and overall plant health and used for the remediation of all Hydrocarbons, Sewage and Decompose all forms of organic waste.

Our products are a catalyst for organic decomposition, and an agent for the rehabilitation of soils and remediation of toxic waste, and it converts oils and greases into viable nutrients for the environment.

## Our Products

- Plant Health
- Environmental Health
- Water Rehabilitation


**Hein Visagie**

076 590 4887

hantam@agriconsultafrica.co.za

www.agriconsultafrica.co.za

# “Ongelooflike resultate, ekonomies en bekostigbaar”




**Ek het onlangs vee suipings, klei gronddamme en bestaande gronddamme op my plaas in Elandsrivier in die Oos-Kaap skoongemaak en spoelgrond uitgehaal. As gevolg van die komposisie van die grond wat baie klipagtig is is die instandhouding ’n probleem.**

Die water digtheid was egter ’n uitdaging. Ek het egter op die produk “Damit” afgekom en dit goed gedink om dit te probeer. Ek het vir André van “Damit” gekontak en met sy advies “Damit” gekoop.

Ek het die lekkende vee suipings en damme op sy aanbeveling behandel met ongelooflike resultate. Dit het dadelik die vee suipings standhoudend gemaak. ek kon dit aanwend as addisionele vee suipings na reëns aangesien dit nou mooi water hou.

Ek het ook gevind dat dit geensins enige invloed op enige plante of diere lewe in en om die dammetjies het nie.

***Ek het groot vertroue in hierdie produk en dit is ’n baie ekonomiese en bekostigbare oplossing en ek sal dit definitief aanbeveel.***

***Karel Spangenberg 082 827 7922***

Ons het ook vir Karel Spangenberg by Nampo raak geloop. Ons gesels hier oor sy plaas in die Elandsrivier in die Oos-Kaap. Hoe effektief is Damit Dam Sealer, Hoe hy te werk gegaan het om sy vee suipings water dig te kry. Kyk gerus na meer videos op Youtube.

Bron: https://aquaplastech.com/ongelooflike-resultate-ekonomies-en-bekostigbaar/







SEAL EARTH DAMS EASILY
ONE HECTARE CAN BE TREATED IN ONE DAY
DAMIT™
Earth Dam Sealer


SEAL EARTH DAMS EASILY
ONE DAY TREATMENT = SAVING TIME, WATER & MONEY!
NON-TOXIC
ECO-FRIENDLY
HOOF RESISTANT




OVK


Frans Duminy 072 597 6047 • Gouwsie Swanepoel 082 786 7914
Henk Kirchner 072 805 9064 • Bertus Burgers 082 786 7914

SCHOEMAN MERINOS

# BEST OF BOTH

THORNPARK DORMERS

## 05 FEB 2025 @ 12:00
## SOMERSET-OOS, GHOLFKLUB



### AANBOD:

30 POENSKOP MERINO RAMME
40 DORMER RAMME
300 DRAGTIGE 2-TAND MERINO X DORMER OOIE (DRAGTIG VAN DORMER RAMME)
50 DRAGTIGE OU MERINO OOIE (DRAGTIG VAN DORMER RAMME)

THORNPARK dormers

SCHOEMAN MERINOS

OVK

**Thornpark Dormers:** Stephan Raubenheimer 082 448 0422
**Schoeman Merinos:** Johann Schoeman 083 299 0294
**OVK:** Jonker Venter 072 641 5642 • Martin Lombard 079 683 0476
Pierre-Martin Lombard 079 684 8992

11th Production Auction
**8 FEBRUARY 2025**
Albertinia
WESTERN CAPE

# LASARUS
## LIVESTOCK

"Animals from Limpopo and Western Cape on Auction."


'BRIDGERTON' DXE21005
on auction


'BONA' genetics on auction

**Ankole Cattle**
- 5 Stud Animals
- Semen straws from 'BONA' and 'VIKING'


' ESPERADO' on auction
- 2022 SA record ram -


'STILLKNOCKS' on auction
– Superior self bred ram –

**Indigenous Veld Goats**
- CAPE LOB EARS - 50 Stud Animals
- KUNENES - 2 Starter Packs
- CAPE SPECKLED - 10

**Free Range African Chickens**

30 Chickens



All funds from the Chickens will be contributed to Rhino Conservation


Stud ram on auction


'SPIKKELS' genetics on auction

**Meatmasters** 30 Stud Animals

Nguni Cattle also on Auction

Nico Lerm: +27 (0)82 448 3975 | Hertie Lerm: +27 (0)82 768 3608
info@lasarusgamefarm.co.za | www.lasarusgamefarm.co.za

+27 76 101 9996
cdpauctions.co.za

CdP AUCTIONEERING SERVICES

11th Production Auction
**8 FEBRUARY 2025**
Albertinia
WESTERN CAPE

# LASARUS
## GAME FARM

"Animals from Limpopo and Western Cape on Auction."



18" Heartwater Springbuck ram on auction



Royal "DAKOTA' and 3 x 28"+ Royal Wildebeest genetics on auction



'WITKRANS JR' genetics on auction



50" Buffalo bull on auction and cows between 30" and 37" genetics of 52" bulls

**Game on Offer**

- Buffalo
- Nyalas
- Bushbuck
- Waterbuck
- Kudu
- Rhino
- Eland
- Oryx
- Wildebeest (all colour variants)
- Impala (all colour variants)
- Springbuck (all colour variants)
- Ostrich
- Giraffe
- Lechwe
- Blesbuck
- Zebra
- Sable
- Blue Duiker
- Fellow Deer
- Black Wildebeest
- Red Hartebeest



18 5/8" 'SILKAATS' Bushbuck ram



'KILIMAJARO' Kings Wildebeest genetics on auction



23 1/8" 'CASANOVA' genetics on auction

Nico Lerm: +27 (0)82 448 3975 | Hertie Lerm: +27 (0)82 768 3608
info@lasarusgamefarm.co.za | www.lasarusgamefarm.co.za

+27 76 101 9996
cdpauctions.co.za

CdP AUCTIONEERING SERVICES

SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK

# IVERMAX®①†
# POUR-ON

## VIR DIE BEHANDELING VAN INWENDIGE EN UITWENDIGE PARASIETE

**Maagdermkanaal Rondewurms, Longwurms, Oogwurms, Velpapies, Suigende Luise en Bytende Luise, Myte en Blou Bosluise in beeste.**

Samestelling: Ivermektien 0,5 % *m/v*

† Makrosikliese laktoon




KAH/PM152A/2024/1

KYRON AGRI

**Verwysing:** 1. Data op lêer.

**Produk naam:** Ivermax Pour-On **Registrasienommer:** G2735 Wet 36/1947 (Suid Afrika). **Samestelling:** Ivermectin 0,5 % *m/v* **Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. **Uitvoerlande:** Namibië - NS0 V00/18.1.2/271

# Hommeltuie vs trekkers in boerdery: die toekoms van effektiewe landbou




**Die boerdery bedryf is voortdurend aan die ontwikkel, en met tegnologiese vooruitgang staan boere met voor keuses, wat ingrypend die manier waarop hulle hul werk benader kan verander.**

Een van die mees opvallende in onlangse jare is die keuse tussen tradisionele trekker en vooruitstrewende hommeltuie. In hierdie blog stel ons ondersoek in na hoekom hommeltuie, spesifiek die DJI Agras T40 bespuitings-hommeltuig, moontlik die beter opsie kan wees vir die vooruitstrewende boer van vandag.

## Die Skadelike Voetspore wat Trekkers los

Trekkers, hoewel buitengewoon effektief op hul eie reg, kom met 'n stel nadele. Die primêre bekommernis is verdigting. Wanneer ons oor verdigting praat, verwys ons na die skade wat hierdie kolossale masjiene aan die gewasse wat hulle behandel, veroorsaak. Veral in gevalle waar die grond klam is na reën, kan die swaar gewig van die trekker tot beduidende gewasverliese lei. Afhangende van die grootte van die trekker en die bande wat gebruik word, kan gewasverlies tussen 3% en 15% wissel. Om dit in perspektief te sit, kan die finansiële verlies, of geleentheidskoste, op groot plase tydens net een seisoen dikwels die prys van 'n nuwe DJI Agras T40 spuit drone-pakket oorskry. Onthou ook dat hierdie hommeltuie ten volle toegerus is om beide vloeibare plaagdoders en korrelmestowings met presisie te hanteer.

## Die Beperkings van Tradisionele Lugtoediening

Boere maak dikwels staat op traditionele lugbespuitingsdienste wanneer trekkers nie geskik is nie, soos na die swaar reënval. Maar dit is nie 'n ideale oplossing nie. Hierdie Dienste is duur en beskikbaarheid kan 'n probleem wees tydens spitsseisoen. Die beskikbaarheid raak 'n ander dringende saak wanneer die aanvraag onder boere in die streek na reën toeneem. Die belangrikste nadeel kan egter die kompromie in toedienings-kwaliteit en akkuraatheid in vergelyking met hommeltuig bespuiting wees. Om 'n drone te besit, wat dikwels minder kos as om tradisionele lugbespuiting vir net 'n seisoen te huur, verseker tydige en hoë kwaliteit toedienning.

## Die Hoë Koste om 'n trekker te besit

Prys speel 'n groot rol in die debat oor hommeltuie teenoor trekkers. Groot-skaal kommersiële trekkers is nie goedkoop nie. Met pryse wat dikwels in miljoene beloop, is dit 'n aansienlike belegging. Verder, kan die operasionele kostes wat aan trekkers gekoppel is, ook 'n las wees. Aan die ander kant is die DJI Agras T40 spuit hommeltuig-pakket beskikbaar teen ongeveer 5% van die prys van 'n kommersiële trekker

beskikbaar. Dit bied boere die geleentheid om beide kapitaal- en operasionele uitgawes aansienlik te verminder.

In die groter prentjie van moderne boerdery bied hommeltuie meer voordele as trekkers aan. Dit bied 'n koste-effektiewe, doeltreffende en minder skadelike oplossing vir gewasse. Terwyl ons die toekoms van landbou binnestap, kan die slim geld dalk net op hommeltuie, soos die DJI Agras T40 wees, wat 'n nuwe era van boerdery inlui wat tegnologies gevorderd en omgewingsbewus is.

Bron: https://pacsys.co.za/hommeltuie-vs-trekkers-in-boerdery-die-toekoms-van-effektiewe-landbou/

LOADING RAMP



with/without wheels

R17500

VALID UNTIL 29 Feb 2025

STPP PTY LTD

We offer delivery

Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, 1911
072 879 4871 / sales@steeltubeprofiles.co.za

# WATER BACK UP SYSTEM

HYDRO PLUMBINGS
SOLAR AND PLUMBING



## Eco Tanks

**From 990L - 5000L Tank's**

## Pressure Pumps

**DAB EasyBox 1.1 kw**
**DAB EasyBox Mini .75kw**
**Tesk PMC 2.2kw**
**Tesk PMC .75kw**

## 3 Stage Filter

950L From R18 000
1100L From R25 000
2220L From R33 665
5000L From R38 000












**Hydro Plumbings**
0731772652
WhatsApp 0817019404
hydro_plumbings@outlook.com

# AffiePlaas Fotografie

## Landbou Fotograaf/ Videograaf





Veiling bemarkingsmateriaal







Katalogus fotos en lot videos



AffiePlaas Fotografie



Veiling bemarkingsvideo







Drone beskikbaar

Opsommingsvideo van veilingsdag/boeredag

Sosiale media bemarking





Zanmari Crous
066 226 8247

# Preiss & Kock

1915 - 2025

## 18[de] PRODUKSIEVEILING

**• 11 Februarie 2025 • 12h00 • Snyhoek, Hanover**

**ROETE:**
**Vanaf Hanover:** Ry op die Richmond pad (N1) vir 1km. Draai regs op die Elandsfontein/Klipfontein grondpad. Ry vir 700m. Draai links. Ry vir 18.6km. Draai regs by vurk. Ry vir 11km. Draai links. Ry vir 3.5km. Draai regs. Ry vir 8.2km. Draai links by plaas in.

## AANBOD:

- **80** Horing & Poenskop Ramme
- **120** Merino Ooie (2T-4T)
- **300** Merino Ooilammers
- **150** Merino Hamel Lammers

**GASVERKOPER :** • **100** Dragtige Ooie (2T, 8mnde wol)
**CHRISTIAAN VENTER**

| | |
|---|---|
| NAVRAE: BENNIE STEYN (BKB) | 082 772 4548 |
| REINHARDT KOCK (TELER) | 082 373 5546 |
| BASIL KOCK (TELER) | 082 825 1887 |
| AFSLAER: DANIE STRAUSS | 072 585 4028 |

MERINO

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

BKB LEWENDEHAWE & AFSLAERSDIENSTE


VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5880 TEL: 049 881 3090 FAKS: 049 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

# DE BRUIN BONSMARAS & KALKVELD

## 12 FEBRUARIE 2025 - 11:00

### VRYBURG SKOUGRONDE



**20 Bulle**
**150 Vroulike diere**

De Bruin Bonsmaras

Kalkveld

Swift VEE BIE AANLYN
www.swiftvee.com

LEWENDEHAWE NOORDKAAP LIVESTOCK

Pieter de Bruin: 083 320 6655

Hannes van den Berg: 082 925 4051

Jannie vd Heever: 082 821 5418 • Wouter Mentz: 082 944 0217

# TIGANE BONSMARAS

## AANTEELVEILING
## 13 FEBRUARIE 2025

11:00 | PLAAS GOEDVOORUITZICHT | HARTBEESFONTEIN

BONSMARA SA



GASVERKOPERS:
JOHAN VOSLOO
JIA BOERDERY - JACQUES CALITZ

**20 BULLE**
**150 JONG KOEIE & KALWERS**
**120 DRAGTIGE VERSE**

BM SKOON. DRAGTIGHEIDS- ASOOK VRUGBAARHEIDSTATUS BESKIKBAAR DIE DAG VAN DIE VEILING.

POENA KUDDEVAAR
MCU170202

TIGANE BONSMARA - BEYERS BOERDERY

VERKOOP VOORWAARDES: Rekeninge moet vereffen word direk na afloop van veiling dmv kontant of elektroniese fondsoordrag. Sodra totale bedrag in ons rekening reflekteer kan items/diere gelaai word. Kontanthanteringsfooie sal gehef word op alle kontanttransaksies. FICA dokumentasie (ID / paspoort en bewys van verblyf) moet teenwoordig wees om transaksie af te handel.

| | |
|---|---|
| JACQUES CALITZ | : 082 044 1702 |
| KLEINJAN BESTER | : 083 359 8199 |
| JOHAN VOSLOO | : 082 370 7089 |
| THEUNS VISSER (AFSLAER) | : 082 338 1356 |

ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents

053 927 1981

# Hoe om te besluit oor 'n trekkerbelegging



**'n Trekker is 'n meganisme wat chemiese energie, vasgelê in die vorm van brandstof, omskakel na wringkrag na die agterwiele met die doel om uiteindelik trekkrag vir voorwaartse beweging te verkry.**

Dit is belangrik vir 'n landbouer wat die investering in 'n nuwe trekker oorweeg om eers die regte doelmatige (*effective*) tipe en grootte trekker aan te skaf. Daarna kan daar na die doeltreffendheid (*efficiency*) van die energie-oordrag gekyk word deur wielglip, ratkeuse, gewigte en aanhaakmetodes te optimeer.

Hierdie artikel verskaf verskeie aspekte om die voornemende trekkereienaar te ondersteun om die korrekte en mees doelmatige trekker te identifiseer. Kies die regte toerusting om die werk reg te kan doen en bespaar sodoende.

Om te dink dat hierdie proses nie nodig is as trekkers net vervang word nie, is gewis 'n fout. Miskien kan foute juis uit die staanspoor uitgeskakel word deur die regte trekker te koop.

Die finansiële implikasie van 'n trekker is nie net van die aankoopprys of koste per kilowatt afhanklik nie, maar dit moet oor die totale lewensiklus van die trekker beskou word, wat die loopkoste en herstelkoste asook inruilwaardes insluit.

Ekonomies is dit nie sinvol dat 'n produsent 'n ideale trekker vir elke individuele aksie kan aanhou nie en iewers moet 'n kompromie aangegaan word deur 'n bestaande trekker ook vir ander "oneffektiewe" take aan te wend. Sulke aksies moet verkieslik so min as moontlik gedoen word.

Die proses om 'n trekker te kies, behels 'n mengsel van finansiële besluite, besluite rondom praktiese behoeftes sowel as die eienaar se bestuursvoorkeure; elke voornemende eienaar sal sy unieke behoeftes moet bepaal.

Die volgende aspekte speel 'n rol in die totale besluitnemingsproses:

- Behoeftebepaling
- Tipe werk wat gedoen moet word asook die implementevereistes vir die taak
- Werkskondisies
- Die hoeveelheid werk wat binne die beperkende tydsgleuwe gedoen moet word
- Die rigting waarin nuwe tegnologie beweeg
- Eienaar se benadering
- Aanhaakstelsel
- Kragaftaksisteem en hidrouliese vereistes
- Lewensduurkoste

## Behoeftebepaling

Eerstens moet die tipiese soorte werk gelys word, met inagneming van die tipe grond (sand, leem of klei) en die hoeveelheid trekkrag benodig asook die hoeveelheid tyd wat op elke grondtipe gespandeer gaan word. Dit kan moontlik wees om in sekere gevalle ook hellings in ag te neem sowel as ander plaaswerftake wat ook uitgevoer moet word.

Die werkstoestande waarbinne die take binne die beskikbare tydsgleuwe afgehandel moet word, bepaal die tipe bewerkings, werksure per dag en ook wat per werker gelewer moet word. Die inligting sal die oorweging van verskillende kajuittipes, geraas en stof asook werk oor naweke en vakansiedae bepaal.

Verskeie meganisasiebeplanningsmetodes bestaan, maar byna almal is steeds afhanklik van sekere gebruikerspesifieke voorkeure en risikogekoppelde besluite. Die volgende drie algemene metodes wat gebruik word, word kortliks hier genoem sonder om in te veel detail in te gaan:

## Energiebehoefte per aksie

Spesifieke energiebehoeftes in kWh/ha x aantal hektare/beskikbare tyd = drywing (kW) benodig. Die toepaslike implementgrootte word dan gekies.

Hierdie benodigde kilowatts word dan op 'n sogenaamde projekbestuur "Gantt Chart" aangedui, wat aksies oor periodes per jaar aantoon.

## Trekkrag per aksie

Die trekkrag per wydte x werkstempo = drywing benodig (kW).

Hierdie benodigde kilowatts word dan op die Gantt Chart-jaar aangetoon. Albei metodes leen hulle tot redelike maklike pro grammering, maar omdat die kritieke aksies vooraf gekies moet word, kan dit die holistiese beskouing van oplossings beperk.

## Trekker- en implementpassing

Die trekkrag en implementwerkstempo word vanaf tabelle bekom en met mekaar versoen. 'n Vloeidiagram word opgestel en alternatiewe trekkers word een na die ander gekies en die antwoord word geïtereer totdat 'n kliëntspesifieke, optimale oplossing bereik word.

Laastens is dit uiters belangrik om te onthou dat werk in die veld slegs plaasvind indien die trekker en implement in die veld vorentoe beweeg. Die term "netto veldure" beteken die ure per dag minus die tyd vir onderhoud, vergadering, ry na land, draai op wenakkers, middagetes en teetyd. Die netto veldure word dan vermenigvuldig met veldeffektiwiteit (die hoeveelheid tyd wat die trekker en implement vorentoe beweeg en werk verrig) om totale effektiwiteit te verkry.

Dit is belangrik om te onthou dat die trekker en implement bymekaar moet pas en dat die trekker en implement in staat moet wees om die aksie binne die bepaalde tyd te kan afhandel. Verder is dit belangrik dat die trekker oor die toepassings moet beskik om dit vir die implement moontlik te maak om tot volle kapasiteit te opereer. Dit help nie jy het 'n trekker wat sterk genoeg is om die implement te trek, maar jy kan nie die hoeveelheid olie wat benodig word om die implement te laat werk, beskikbaar stel nie.

Presisieboerdery is die toekoms; maak dus seker dat jou trekker en toerusting die nuutste tegnologie kan akkommodeer.

## Eienaar se benadering

Sommige eienaars kan baie mense bestuur en gee nie om vir baie drywers met kleiner trekkers nie. Ander wil weer nie te veel mense bestuur nie en verkies minder, maar groter trekkers. Vir sommige eienaars is dit 'n té groot risiko dat werk staan as gevolg van een groot trekker wat breek en hulle verkies daarom meer as een kleiner trekker om die taak te verrig. Ander eienaars het weer 'n voorkeur vir nuwe trekkers met laer herstelkoste en minder herstelperiodes.

Eienaars het ook 'n spesifieke onderhoud- en diensbenadering en dit moet in ag geneem word – spesifiek wanneer gebruikte trekkers oorweeg word.

## Aanhaakstelsel

Die verskeidenheid van implemente wat die driepunthysstelsel en aanhaakstelsel moet gebruik, is belangrik. Dit sal moontlik nodig wees om 'n heelwat groter trekker aan te skaf waar die enjinaandrywing (kW) nie die beweegrede is nie, maar waar die hoeveelheid tonnemaat wat die driepunthysstelsel moet kan optel 'n bepalende faktor is.

## Kragaftaksisteem asook hidrouliese vereistes

Daar bestaan drie tipes kragaftaksisteme wat elkeen teen 'n verskillende spoed draai, verskillende monteermeganismes het wat 'n verskillende hoeveelheid krag kan oordra en wat vir spesifieke enjingroottes ontwerp is. Die voornemende eienaar moet seker maak watter tipe sisteem benodig word. Verder word dit net genoem dat sekere hidrouliese transmissietipes effektiwiteit kan beïnvloed en dat hoe meer

ratte 'n trekker het, hoe meer kan die krag en werktuigpassing met mekaar gesinchroniseer word en besparings teweegbring.


Die meerderheid implemente het deesdae hidrouliese vereistes. Maak seker dat die trekker die vermoë het om die implement te kan aandryf. Baie presisietoerusting maak gebruik van hidrouliese motors, so maak seker dat die trekker met die regte toestelle toegerus is om die implemente optimaal te kan laat werk.

## Enjinbelading

Een van die mees kritieke faktore naas die totale effektiwiteit van voorwaartse beweging, is die belading op die trekkerenjin. Vorige artikels het hierdie aspek in detail aangespreek deur te toon dat trekkers ontwerp is om in die wringkragreserwe te werk met dramatiese verbetering in brandstofverbruik.

In hierdie artikel word slegs 'n algemene tendens uitgewys dat trekkers slegs met 40% tot 60% van hul ontwerpkapasiteit belas word, wat aandui dat heelwat trekkers te groot is vir die aanwending.

Die gevolg daarvan is dat hulle spesifieke brandstofverbruik per eenheid krag gelewer swak is, in die algemeen 0,38 liter per kWh. **Grafiek 1** toon duidelik die wenslikheid om trekkers behoorlik te belas met die korrekte implement wat die kraglewering per eenheid brandstof verbruik dramaties verbeter.



Grafiek 1: Verlaging in spesifieke brandstofverbruik met verhoging van enjinbelading.

## Lewensduurkoste


Beide vaste koste, varieerbare koste en finansieringskoste moet in ag geneem word om te bepaal watter kombinasie van trekkers aan geskaf moet word. Dit is belangrik dat die netto huidige waarde (nett present value) bereken word vir verskillende kombinasies van trekkergroottes om die optimum sisteem vir die produsent te bepaal.

Van baie groot belang is die hoeveelheid ure per jaar wat die trekkerbelegging vir werk aangewend



gaan word. Onthou: Die ure per jaar is nie net werksure per dag nie, maar ure waar die trekker en implement voorwaarts beweeg op die land, soos vroeër in die artikel aangespreek is.

**Grafiek 2** toon duidelik die wenslikheid van vermeerdering van werksure wat die belegging per jaar aangewend word, naamlik generiese vaste en varieerbare koste per uur vir verskillende ure per jaar (Erkenning: LNR-Instituut vir Landbou-Ingenieurswese).



Grafiek 2: Eenheidstrekkerkoste met verhoging van jaarlikse gebruiksure.

Die aspekte van netto werksure om totale effektiewe aanwending van die trekkerbelegging te bepaal asook die korrekte belading van die enjin (en die regte implement) is die twee mees kritieke faktore wat die optimering van trekkerkoop bepaal.

Dit sal beslis die moeite werd wees vir 'n voornemende trekkerkoper om tyd met 'n kundige te spandeer en die bespreekte faktore te analiseer voordat 'n beleggingsbesluit gemaak word. Nog beter sal wees om 'n totale meganisasiebeplanning uit te voer om alle trekkergroottes wat benodig word, te bepaal.

Vir meer inligting kan Louis Lagrange gekontak word by 082 564 3417.

**LOUIS LAGRANGE, landbouingenieur: Universiteit van die Vrystaat**

Bron: https://www.grainsa.co.za/hoe-om-te-besluit-oor--n-trekkerbelegging

WE DO THINGS DIFFERENTLY
ASK US HOW

STPP PTY LTD

# CATTLE KRAAL




**Incl 1 pin per kraal panel**
**Red oxide undercoat**
**We offer Delivery**

R2200 ea
Valid until 29 Feb 2025

+27 72 879 4871
+27 84 608 4239

**2mm material**
**3mx1.6m high**

Vanderbijlpark Gauteng




**Ectoshield**

CONTROLS TICKS, HOUSE-, STABLE- AND FACE FLIES & ALSO KILLS LICE ON CATTLE

CONTROLS BONT TICKS AND RED-LEGGED TICKS ON SHEEP

THE TRUSTED
DOUBLE ACTION SHIELD
AGAINST EXTERNAL PARASITES

*POUR-ON WITH 2 ACTIVES, CYPERMETHRIN AND AMITRAZ*

KYRON AGRI

**Product Name:** Ectoshield. **Registration Number:** G2671 Act 36/1947 (South Africa). **Composition:** Cypermethrin 1,5 % *m/v*, Amitraz 1,75 % *m/v*. **Registration holder:** Kyron Animal Health (Pty) Ltd, Co. Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. **Export countries:** Namibia – V09/18.3.4/1137 NS0.

KAH/PM135E/2024/1

**BOERhier** — *'n Boer is gekies deur God*

**FARMhere** — *Farmers are handpicked by God*

# ADVERTEER BY ONS!

**Gratis Digitale Tydskrif**
**Gestig in 2017**
**Bereik meer as 127,000 lesers maandeliks**

## *Hoekom by ons adverteer ?*

SLUIT AAN by TOP digitale landbounetwerke met meer as 127,000 maandelikse lesers!
Boere boer met slimtoestelle in die hand.
Hulle neem aktief deel op al ons digitale platforms.
Drie e-tydskrifte en video's word direk aan boere se selfone gestuur.

**SLUIT AAN by TOP digitale landbounetwerke met meer as 127,000 maandelikse lesers**

**Uitgebreide reikwydte tot die regte mark met meer as 82,000+ sosiale media volgelinge:**

**BH (BOERhier) Volgelinge: 37,064k**
**FH (FARMhere) Volgelinge: 8,968k**
**BHV (BOERhier Veilings) Volgelinge: 10,484k**
**BHG (BOERhier Groep) Volgelinge: 20,410k**
**FH Instagram: 2,207k**
**BH Instagram: 2,913k**
**15,000+ WhatsApp databasis**
**34,000+ E-pos databasis**



## Bereik jou boerdery se volle potensiaal !

## ADVERTEER BY ONS

073 895 6392 / 071 704 6282
E-pos: info@boerhier.co.za
Webtuiste: www.boerhier.co.za


Blouberg
Aanteelveiling
DIE ROOM VAN
DIE NOORDE
31STE
BLOUBERG
AANTEELVEILING
13 FEB 2025
VIVO VEILINGSKRALE
480 DIERE OP AANBOD
DIE BEESLIEFHEBBERS MARK
BLOUBERG SHAUN WHITE 073 564 2868
BEMARKER Francois Uijs 083 627 6835
AFSLAER Sors Snyman 072 841 7262 · www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
BOSVELD
VIVO


In opdrag van Sononder Boerdery
VERKOPING VAN AANTEELKUDDE
(skakel oor na backgrounding stelsel)
Vrydag 14 Feb. 2025 - 11h00 - NKLH Kimberley Veilingskrale.
660
BOVELDER EN BONSMARA BEESTE
Nota: BM en Trig negatief getoets. Katalogus dag van veiling beskikbaar.
LEWENDEHAWE NOORDKAAP LIVESTOCK
220 Koeie met kalwers
80 Koeie met kalwers (3-in-1)
60 Dragtige koeie
Noordkaap Lewendehawe Koöperatief Beperk, Industriaweg 6, Vryburg
Navrae: Johan Visser (Bemarker): 082 095 2927 • Koos Coetzee (Afslaer): 079 945 4355


DENBOT
Bonsmaras
8ste PRODUKSIEVEILING
21 FEBRUARIE 2025 -13:00
NKLH VEILINGSKRALE KURUMAN
Aanbod:
10 Bonsmara bulle
150 Bonsmara Vroulik
LEWENDEHAWE NOORDKAAP LIVESTOCK
Noordkaap Lewendehawe Koöperatief Beperk
INDUSTRIAWEG 6, VRYBURG.
NAVRAE:
Andrew Bothma:
078 456 4718
Jaco Pietersen (Bemarker):
082 411 3406
Chris Hendriks (Afslaer):
083 449 0852

'SCAN' MY
vir meer inligting

# KARNAVAL
## van opwinding!

Onthou die **DATUM**

**25 April - 3 Mei 2025**



**Bloem Skou · Show CARNIVAL**
25 April - 3 Mei 2025

www.bloemskou.co.za | T: 051 448 9894

# Die Kalahari Wildlife Project




**Die Kalahari Wildlife Project, besit en bestuur deur Machel van Niekerk, word gedryf deur 'n lewenslange passie vir wildbewaring en omgewingsopvoeding.**

As ’n gekwalifiseerde veeartsenyverpleegsuster met meer as 30 jaar se ondervinding, het Machel ’n wye verskeidenheid wilde diere en voëls gerehabiliteer, insluitend ietermagogs, erdvarke, bakoorjakkalse en roofvoëls. Machel se missie is om die Kalahari natuurlewe met passie en deursettingsvermoë in die hartjie van die Suid-Afrikaanse landskap te beskerm.

“Van Oktober verlede het dit maar redelik rof gegaan en moes ons spook om kop bo water te hou. Daar het baie diere wat ingekom en die droogte het dit moeilik gemaak om hulle op goeie plekke te kon vrylaat. Ek het Saterdagoggend vroeg terwyl almal nog slaap, gaan sit en kyk hoe die son opkom en die koedoes en ander diere kom water drink. Hier het ek nagedink oor my liefde vir die natuur, die enigste plek waar ek werklikwaar tot rus kom.


Hendri die Aardvark


Lucy die Pangolin

Ons het vir Hanlie (’n ietermagog) vrygelaat sonder opsporingstoestelle, daarom moes ek vroeg een oggend berge uitklim om na haar te soek. Eers die aand 7 uur toe ek langs die teerpad opgelaai word, was ek weereens herinner aan my liefde vir die natuur en wie ek is. Dit is waar mense soos ek van al die geharwar wegkom en vergeet van die dolle gejaag.

Ons almal se drome begin mos maar wanneer ons klein is. Mens is dan al lief vir sekere goed en mense kan dit nie noodwendig verstaan nie. Een hou van diere, een hou van mense. Een wil graag skoolhou wanneer sy groot is, ’n ander wil ’n dokter of ’n lugwaardin of ’n aktrise word. Ek was die dogtertjie wat altyd diere om my gehad het. Heeldag in die veld rondgeloop en gespeel. My Pa hulle gehelp om bokke aan te jaag, in die veld geloop en voëltjies se nessies gaan soek. Gesit en wag om te kyk watter voëltjie kom terug na watter nessie toe en hoe elke voëltjie se eiertjies lyk. Hoe groter en ouer ek geword het, hoe meer het ek besef dit is die gawes en talente wat die Here my gegee het en waarvoor ek geskape is. Ek is baie dankbaar dat ek op ’n plaas kon kom bly, nadat ek my studies voltooi het.

Aanvanklik het ek gedink ek gaan in die boerdery deel betrokke wees, maar het gou besef dat twee boere op een plaas nie noodwendig werk nie. Ek het myself maar ingegrawe in die kinders en al die chaos wat hul skoolganery meebring. Later het ek selfs by Witsand Natuur Reservaat



betrokke geraak, maar nie eens dit het vir my die bevrediging gegee waarna ek gesmag het nie. Dus het ek besluit om die rehabilitasie-sentrum te begin vir plaas diere. Ek het aan die begin gedoen wat ek graag wou, maar die Here het van beter geweet en my planne gebriek, want die finansies was nie van so ’n aard dat ek dinge kon doen soos ek wou nie. Mettertyd het die Here my weer gelei en gewys watter diere dit eintlik is wat ek moet versorg. Uiteindelik het die ietermagog op my pad gekom. Dit is ons wêreld se dier wat tans bedreig word en beskerming nodig het.

So het die rehabilitasie-sentrum in ’n totaal ander rigting gedraai as wat ek aanvanklik gedink het. Daar was baie teenkanting van onder andere my eie huismense, wat altyd gevoel het dat ons kan nêrens heen gaan nie aangesien daar altyd diere is wat versorg moet word. Daarom was vakansies meestal op die plaas deurgebring eerder as by die see. Ten spyte van vele uitdagings, het die Here altyd vir my ’n versie gegee as ek begin twyfel aan die rigting wat ek moet inslaan.  Efesiërs 3:20 – 21 sê: “Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.” Wanneer ek begin twyfel het, het iemand gebel met een of ander dier wat versorging nodig het. Dan het ek maar net in verwondering besef, dat dit nie toeval is nie, maar bevestiging van wat ek moet doen.

Die oproepe om na die diere om te sien het deurentyd vir my die bevestiging gegee dat ek wel op die regte pad is. As ek bid, het die Here dit bevestig, ek moet net geduldig wees en op Hom wag. Hy is nie iemand wat jou bombardeer met goed nie, maar as jy regtig luister en geloof het in wat Hy kan doen, val al die ander dinge in plek. Ek het nooit gedink jy kan geld ontvang van ander mense om te doen waarvan jy hou en waarmee jy goed is nie. Ek het later ook besef dis soos ’n salaris wat jy kry, die borge is soos ’n salaris wat God vir jou stuur deur ander mense en jy moet dit met grasie ontvang en aanwend waarvoor Hy dit bedoel het.

Saam met die sukses van die rehabilitasie sentrum, het ek baie foute gemaak. Mens is nie ’n volmaakte wese is nie. Ek het geleer uit my foute. Ek het aanhou bou aan my droom en besef, met sterk uithouvermoë kan goeie resultate gelewer word.

So tydjie gelede het ek die boek “The Boy, The Mole, The Fox and the Horse” van Charlie Mackesy by ’n vriendin present gekry. Sy sê die waarhede in die boek het haar vir baie jare gedra. Ek het die boek begin lees en vreeslik geniet. Die boek het my geleer dat mens moet fokus op jou drome en nie jou vrese nie. Dat om jouself moet ander te vergelyk nie goed is vir jou nie. Ons moet streef om ons beste te wees, te help waar ons kan en altyd in liefde te reageer. Sukses word op die fondasie van liefde gebou. Ek is lief vir my werk, en daarom is dit vir my lekker.

Die Bybel praat van geloof soos ’n mosterdsaadjie. ’n Mosterdsaadjie het my ook onlangs herinner hoe ons as mens ook maar ’n saadjie is wat geplant is. Vandag is ek boom wat gegroei het deur al die storms, al die regte en verkeerde keuses het my gemaak wie ek is. Eers was ek ’n klein boompie wat in die skadu van die groot bome staan. Toe die groot bome iets oorkom, het dit my verantwoordelikheid geraak om die klein boompies en die ander bome rondom my te beskerm. Ons het elkeen ’n groot verantwoordelikheid om vir ander te leer, want eendag wanneer ons nie meer hier is nie, moet ons liefde vir die natuur deur ander voortleef.

So baie kere staan ek in verwondering as ek oorweldig word deur al die verantwoordelikhede van die lewe. Dan gaan sit ek in die natuur, raak rustig en word herinner dat indien daar nie mense is wat lief is vir die natuur en daarna omsien nie, alles net tot niet gaan. Dit is waarom die Here ons hier geplant het. Om juis vir ons ’n doel te gee om na Sy aarde om te sien.

Ten spyte van my storms, is dankbaarheid en vrede vir my baie belangrik. Elke pad wat ek gestap het, het my iets geleer waarvoor ek dankbaar is. Met spyseniering het ek dissipline en tydsbestuur geleer. Die presidentskap van die VLV

het my geleer om met verskillende mense te werk en elkeen te waardeer vir die gawes en talente wat hulle ontvang het. Elke hoofstuk van my lewe het ek iets geleer, elke geleentheid, gryp ek met albei hande aan. Jou oë en ore moet oop wees vir geleenthede. Ek is dankbaar dat ek geleenthede raakgesien het.

Ons lewens is legkaarte, klomp verskilllende stukkies van verskillende tye wat bymekaar pas. Ons moet elke fase geniet, daardeur leer en ander leer. Tydens die tyd wat jy kinders grootmaak, saai dan saad in hulle lewe. Die tyd wat jou kinders skoolgaan, raak daar betrokke en maak ’n positiewe verskil. As jy dalk ’n mentor is vir ’n student wat praktiese ondervinding by jou opdoen, saai die saad. Wees in elke omstandigheid dankbaar dat jy op iemand se lewe ’n invloed kan hê en ’n deel van jouself kan gee. Op die ou end is ons almal deel van ’n groter prentjie. Lewe dus so dat jy ’n verskil maak daar waar jy geplant is.”

Voor Machel die Kalahari Wildlife Project gestig het, was hier geen toegewyde wild rehabilitasiefasiliteit vir itermagogs in die Noord Kaap nie. Vandag word beseerde of gekonfiskeerde ietermagogs deur plaaslike veeartse behandel en na die fasiliteit gebring om hulle voor te berei vir hul vrylating. Die rehabilitasie sentrum is geregistreer by die Departement van Natuurbewaring, spesifiek vir die rehabilitasie en vrylating van ietermagogs. Die sukses van ons missie word versterk deur samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Pangolin.Africa, Wessa, borge, besighede en individue.

Machel wend doelbewuste pogings aan om gereeld aanbiedings te hou met skoolgroepe, reservate en bestuurspanne in die omgewing. Deur hierdie opvoedkundige pogings beklemtoon sy kritieke bewarings-uitdagings. Ondersteuners





kan tot ons saak bydra deur te skenk, ietermagog produkte aan te koop, ons webwerf te besoek by www.kalahariwildlife.com, of ons op sosiale media te volg (Facebook/Instagram).

**Pangolin.Africa**, een van Machel se vennote, bied ’n gratis **Pangolin Guardian-program** aan om bewusmaking van ietermagogs te bevorder. ’n Unieke geleentheid om aktief betrokke te raak by die beskerming en bewaring van ietermagogs by https://www.pangolin.africa/become-a-pangolin-guardian.

**WESSA** (Wildlife and Environment Society of South Africa), nog ’n vennoot van Machel, het voortgebou op die idee van Pangolin.Africa. **Pangolert**, ’n WhatsApp-hotline deel belangrike inligting oor ietermagogs.  Die Pangolert-hotline is beskikbaar by 072 726 4654.

**WESSA, Kalahari Wildlife Project en Pangolin.Africa** is ook betrokke by ’n elektriese heiningprojek wat, in samewerking met die publiek, moontlike oplossings ondersoek om elektriese heinings veiliger vir wild te maak. Ons nooi u uit om ’n insiggewende video oor hierdie projek te **kyk: https://youtu.be/MITsr8FGB9M**.

Sluit aan en help ons om ’n verskil te maak in die bewaring van hierdie unieke spesie!

**“Together we can do so much more.”**


Nova Barletta Dormers
CLOCOLAN
UMPUKANE Dormers
CLOCOLAN
maluti
DORMERS
9de Produksieveiling
lewendige & aanlynveiling
Dekades se genetika vir jou
ONDER BESKERMING VAN DORMER GENOOTSKAP
22 FEBRUARIE 2025 @ 11:00
RIETKUIL, CLOCOLAN
40 RAMME • 40 STOETOOIE • 400 KOMMERSIËLE OOIE
OVK
Nova Barletta Dormers: Lodie van Reenen & Dr. Carl Scholtz 072 597 6047
Umpukane Dormers: Peet van Rooyen 082 925 4189
OVK: JT Fourie 082 854 8620 & Pieter Cloete 082 445 1501
dormer


26 FEBRUARIE 2025
CHARMAC MERINOS
50 HORING & POENSKOP RAMME
HOUDCONSTANT
GRAAFF-REINET
11:30
Fourie Vosloo 082 854 97 30 & Adriaan Botha 082 497 82 34
OVK
AfriVet
Body Fuel express
OCTOFIN
RENAULT
Standard Bank
supa quick
Virbac


Lucasdam Dorpers
25ste LUCASDAM DORPERS PRODUKSIEVEILING
27 FEBRUARIE 2025 - 11:00
PLAAS LUCASDAM, POSTMASBURG GPS: 25°14'52.8"S 22°51'31.8E
DORPER
Dis nou Dorpers die!
Aanbod
45 Dorperramme
25 Dorperooie
15 Witdorper ramme
30 Witdorper ooie
10 Savanna ramme
5 Boerbok ramme
30 savanna ooie, 15 meatmaster ooie,
30 Verse
GASVERKOPERS
LARRY SNYDERS
SAVANNA STOET
AC Möller
Paauwvontein Witdorpers
LEWENDEHAWE KOOP BPK NOORDKAAP LIVESTOCK CO-OP LTD
Afslaers • Auctioneers
STOET & KOMMERSIEEL
STUD & COMMERCIAL
053 927 3871/2/3/4
nklh@wam.co.za
www.nklhveilings.co.za
Noordkaap-Lewendehawe-Vryburg
NAVRAE: John Daniel: 082 552 2933 LUCASDAM DORPERS
Gasverkopers:
Mervin van Greunen: 083 792 9263 • Cristoff Möller: 083 655 4065
Larry Snyders: 063 478 7766 • Johnny Coetzee: 073 424 7540
Bemarker: Roux van der Merwe: 082 781 3735 •
Stoet- & spesiale veilings: Ramona de Bruin: 083 319 8626
Afslaer: Chris Hendriks: 083 449 0852


AFRI AIR
AGRICULTURE DRONE SOLUTIONS
072 434 5776 (Christiaan Winckler)
082 774 0343 (Marlett Winckler)
info@aadrones.co.za
www.aadrones.co.za
dji
AGRICULTURE


LAMHOKKE
LAMHOKKE MET DAKKE
SKAAPBAALRINGE
KRUIPHEKKE
VOERBAKKE
SKEERHOKVLOERE
LAAIBANKE
HEXAGON
Industries
'n Besigheid vir die Boer
Vervaardigers van Veehanteringstoerusting uit UV gestabiliseerde plastiek
058 913 1042
072 639 0451
hexagon.vrede@gmail.com
Hexagon Industries
KLEINVEE DRUKGANG
WEEGKRAT
SORTEERKRAT
BEESBAALRINGE
KALFHOKKE
GROENTE TONNELS
SKAAPTONNEL/ AFDAKTONNEL


voete
vol
vertroue
Step Forward se regstellende binnesole bied beter balans en belyning asook verligting van voet- en postuurprobleme insluitend plantar fasciitis, hakpyn, eelte, platvoete, hamertone, hoë brûe, kniepyn en laerugpyn!
STEP FORWARD
SINCE 1974
®
FOOT CORRECTORS
Tel : 082 460 3063
stepforward.co.za

# Voeding wenke vir veeboere tydens droogte



## 1. Droogte aanvullings vir Beeste en Skape

### 1.1 Oorgangslek: klaar gemeng

- Voermol Superfos
- Inname 20-40g/skaap/dag en 120-240g/bees/dag
- Koste:

  R0,18 per skaap per dag
  R1,12 per bees per dag

### 1.2 Oorgangslek: self meng

**Voorbeeld 1:**

- Voermol Rumevite P12 – 50kg
- Voermol Dundee Lek – 50kg
- Sout – 50kg
- Inname 200-300g/bees/dag
- Koste:

  R1,13 per bees per dag

**Voorbeeld 2 :**

- Premix 450 – 200kg
- P12 – 100kg
- Sout – 150kg
- Inname 250-400g/bees/dag
- Koste:

  R1,25 per bees per dag

## 2. Droogte voer vir beeste en skape

### 2.1 Self meng

**Voorbeeld:**

- Molatek Meester 20 – 280kg
- Graan – 280kg
- Sout – 100kg
- Inname 300-450g/skaap/dag en 1500-1800g/dag/bees
- Koste:

  R1,03 per skaap per dag
  R4,10 per bees per dag

### 2.2 Self meng

**Voorbeeld 1: vol voer**

- Voermol SB 100 – 150kg
- HPK 36 – 25kg
- Mieliemeel – 350kg
- Hooi (3% RP) – 400kg
- Koste:

  R1,88 per kg
  (*Voer ad libitum*)

**Voorbeeld 2:**

- Molatek Winterveldkonsentraat – 150kg
- Sout – 100kg
- Inname 500-600g/bees/dag
- Koste:

  R1,75 per bees per dag

- Ruvoer / Hooi moet ad lib beskikbaar wees
- Ook geskik vir aanvulling op oesreste

## 2.3 Droogte voer vir skape: self meng

- Molatek Winterveldkonsentraat – 100kg
- Meel – 80kg
- Sout – 100kg
- Inname 130-180g/skaap/dag
- Koste:
  R0,46 per skaap per dag
- Ruvoer / Hooi moet ad lib beskikbaar wees

## 2.4 Sjokoladegraan: Korn Kandy

- Korn Kandy – 25kg
- Heel mielies – 200kg
- Voerkalk – 3kg
- Inname 200-300g/skaap/dag, voer elke 2de of 3de dag.
- Koste:
  R0,80 per skaap per dag

## 2.5 Droogte onderhoudspil (indien self verpil kan word)

- Lusern – 580 kg
- Mieliemeel 300 kg
- Melassemeel 120 kg

## 2.6 Oesreste riglyn vir droogte onderhoud

- Meng 1 liter LS33 op 10kg mieliereste.
- Of voer oesreste ad lib saam met Premix 450 (of soortgelyk) teen 400-600g/dag

## 3. Hoendermis

Let asb op die volgende riglyne wanneer hoendermis oorweeg word:

- Inname van nie meer as 2,5 kg/dier/dag nie
- Maak seker die mis is van goeie gehalte
- Die mis moet gesteriliseer en geprosesseer wees
- Hoendermis het 'n lae digtheid en is relatief laag in proteïen
- Dit is 'n vervanging vir gras en nie voedingswaarde nie
- Die waarde as supplement is laer as sekere winteraanvullings
- Maak seker om te spuit teen lamsiekte
- Degenerasie van die lewer kan voorkom by innames van meer as 3kg/dag
- Hooi / Ruvoer moet altyd beskikbaar wees, hoendermis kan dit nie vervang nie
- Hoerndermis is relatief laag in benutbare energie
- Kopervergiftiging in skape kan voorkom indien te veel gevoer word
- Melkkoors veral by melkkoeie 3 weke voor kalwing kan voorkom
- Ionofoorvergiftiging kan beeste se hartspier aantas.
- Geen wettige aanbevelings mag gemaak word oor die voeding van ongeregistreerde hoendermis nie.

Hoendermis mag slegs in kritieke tye teen hoër vlakke gevoer word indien geen ander voer beskikbaar is nie. Hoendermis is 'n goedkoop bron van NPN en is nie 'n goeie bron van nutriente nie. Handeldryf is onwettig mits die spesifieke produk geregistreer is as voer volgens Wet 36 van 1947.

## Hoendermis as Droogte voer

- **Beeste:** 4.5 – 6 kg/dier/dag, of 1% van liggaamsmassa
- **Skape:** 0.5 – 1 kg/dier/dag, of 1% van liggaamsmassa

Die grootste voedingkundige probleem met hoendermis is die verhouding oplosbare stikstof teenoor energie beskikbaar. Energie moet bygevoeg word in die vorm van grane en melasse. Maks van 15 % melasse kan bygevoeg word anders kan diaree voorkom. As hoendermis vir lang periodes gevoer gaan word is dit noodsaaklik om Vit A en E by te gee. Moet vekieslik nie langer as 2 maande aaneen gevoer word nie.

**Let wel dat die bogenoemde lekke en rantsoene slegs voorbeelde is en dat u asseblief gebruik moet maak van u eie voorkeur verskaffer.

## 4. Die gemiddelde waterbehoefte van verskillende diere

| Tipe dier | Water per kop per dag (liter) |
|---|---|
| **Skape:** | |
| Speenlammers | 2 - 4 |
| Volwasse droë skape | 2 - 6 (gasveld)<br>4 – 12 (soutbos) |
| Ooi met lammers | 4 - 10 |
| **Beeste:** | |

| | |
|---|---|
| Lakterende koeie | 40 – 100 (grasveld)<br>70 – 140 (soutbos) |
| Jong beeste | 25 - 50 |
| Droë koeie (400 kg) | 35 – 80 |
| **Perde:** | 40 - 50 |

*Sorg dat die minimum hoeveelheid ten alle tye vrylik beskikbaar is.

Die groot variasie in die syfers van bogenoemde Tabel word toegeskryf aan die volgende faktore:

- Water kwaliteit
  - sout inhoud
  - pH
  - toksiese elemente
  - alge
- Omgewing
  - Temperatuur (hoe warmer hoe meer water)
  - droogtes
  - tipe weiding
  - topografie
- Tipe dier
  - ouderdom en kondisie van diere
  - tipe ras
  - aantal diere
- Afstand na waterpunte
- Kondisie van waterpunte

Diere moet binne 'n radius van 2.5 km vanaf 'n waterpunt wei afhangende van die omgewing maar verkieslik nie verder as dit nie. Waterpunte moet so sentraal moontlik geplaas word. Wanneer diere meer water benodig weens faktore soos laktasie, sout of droë voer/weiding sal hulle waarskynlik meer as een keer per dag water wil drink. Dit sal hul wei-radius dan aansienlik verkort.

Vir verdere navrae kontak George Le Roux, Senwes Landboudienste by:

Tel: 018 464 7373

Sel: 076 313 0831

Epos: george.leroux@senwes.co.za






PERSIESKAAP TELERSGENOOTSKAP
SEDERT 1930

KLEIN KAROO AGRI Veilings & Veebemarking
jou eie!



# NASIONALE PERSIESKAAP TELERSGENOOTSKAP VEILING

## TE BEAUFORT WES
## 04 APRIL 2025 OM 11:00

**20 PERSIESKAAP RAMME**
**80 PERSIESKAAP OOIE**
**10 BOERBOK RAMME**
**30 BOERBOK OOIE**
**80 MEATMASTER OOIE**
**10 GESELEKTEERDE MEATMASTER RAMME**

**NAVRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| AFSLAER | PA GELDENHUYS | 082 410 7705 |
| BEMARKER | GERT LAUBSCHER | 082 510 2680 |



| | |
|---|---|
| NELMARI LöTTER | 078 981 7962 |
| JACO SPAMER | 083 412 7877 |
| KOBUS LöTTER | 082 432 2393 |






CLICK, FLICK, DONE.
IN THE EAR, EVERY TIME, THE FIRST TIME.
Z TAGS™
DATAMARS
• Superior Retention
• Outstanding Durability
• Retains Readability
• Available in 8 colours
M1F4
SM/SF
UNIVERSAL APPLICATOR
KAH/PM151/2024/1
SCAN HERE
for product catalogue
Proudly Sold and Distributed by: Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.
KYRON
AGRI







**Produk naam:** Attila **Registrasienommer:** G4197 Wet 36/1947 (Suid-Afrika) **Samestelling:** Fipronil 0,9 % m/v, Abamektien 0,5 % m/v. **Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Co. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid-Afrika. **Uitvoerlande:** Botswana - BV2200603/A/B VPS; Namibië - V19/18.2/1442 Wet 13/2003 NS0




Bloem
Skou • Show
CARNIVAL
25 April - 3 May 2025
Join the show
FLOAT!
bloemshow.co.za
#VENUES
@BLOEM SHOWGROUNDS
AUCTIONS
STORAGE
FUNCTIONS
EVENTS
OFFICE SPACE
bloemshowgrounds.co.za | 051 448 9894/5/6

AfriForum
Veldbrande saai verwoesting.
Boere verloor elke jaar duisende hektaar weiding.
Jou donasie kan help om voer te voorsien en die boere by te staan wat skade gely het.
Bankbesonderhede:
Bank: Eerste Nasionale Bank
Rekeninghouer : AfriForum MSW
Takkode: 261550
Rekeningnommer: 623 498 98 398
Verwysing: Brande
www.afriforum.co.za

# HIGHVELD FOREST & GARDEN

WHAT WE DO

- SALES
- SERVICE
- REPAIR

www.highveldforest.co.za






# PRESISIE VOEDING VIR EFFEKTIWITEIT

'N TROTSE VERSKAFFER EN VERSPREIDER VAN de heus VOERE

VOERE FEEDS
HOËVELD DIENSTE
ELKE KANS 'N GOUE GELEENTHEID

Ons voorsien u graag van kundige aanbevelings en oplossings gegrond op u kudde-behoeftes.




**DE HEUS VOERE SPESIALISEER IN DIE VOLGENDE:**

*Kliënte spesifiek oplossings*

**BEESTE:**

• Voerkrale • Stoet & kommersiële • Backgrounding • Melkerye

**SKAPE & BOKKE**

• Voerkrale • Intensiewe & ekstensiewe eenhede • Varke
• Braaikuikens • Lêhenne • Wild

SKAKEL ONS NOU VIR Ń BESOEK OP U PLAAS, SAAM MET ONS VEEKUNDIGES

# SAKKIE KOTZÉ

082 888 6158
(013) 010 1426
www.hoevelddienste.co.za
sakkie@hoevelddienste.co.za
7 Kortstraat, Hendrina

# 2025 VEILINGS

## JANUARIE

22 - POTBERG DOHNES PRODUKSIEVEILING

28 - HARTEBEESFONTEIN MERINOS PRODUKSIEVEILING

29 - SUIDPLAAS DOHNES PRODUKSIEVEILING

30 - LOWMAR DOHNES PRODUKSIEVEILING

29 - GEELBEK ELITE MERINO PRODUKSIEVEILING

30 - TOOMFONTEIN DOHNE MERINO PRODUKSIEVEILING

## FEBRUARIE

04 - ZEISS MERINO PRODUKSIEVEILING

05 - GRASVELDER AANTEELVEILING

05 - BEST OF BOTH PRODUKSIEVEILING

05 - LE ROC PRODUKSIEVEILING

07 - WELPIC DORMERS PRODUKSIEVEILING

11 - KRAANKUIL JONGOOI PRODUKSIEVEILING

12 - ALFA ANGORAS PRODUKSIEVEILING

22 - MALUTI DORMERS PRODUKSIEVEILING

26 - CHARMAC MERINO PRODUKSIEVEILING



**VIR ENIGE NAVRAE, KONTAK:**
Frans 082 336 5497 · Cornell 082 461 3105
Pieter Willem 079 691 7608


MAXITET-LA

Reg.No./Nr. G3580 Act/Wet 36/1947 NS0 V05/17.1.2/294 Act/Wet 13/2003

FOR ANIMAL USE ONLY / SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

LANGWERKENDE INSPUITBARE OKSITETRASIKLIEN (ANTIBIOTIESE) OPLOSSING

Vir die behandeling van bosluisoorgedraagde galsiekte *(Anaplasmose)*, hartwater, vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte, en septiese gewrigsontsteking by beeste, skape, bokke en varke.




KYRON AGRI

**Registration Holder / Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.

VLEISSENTRAAL

2025

# "Save the Dates"

## NASIONALE VEILINGS

| | | |
|---|---|---|
| 7 FEB | **BORAN VERSE EXTRAVAGANZA** | Afridome, Parys |
| 8 MRT | **DORPER** | Warmbad Veemark, Bela-Bela |
| 8 MRT | **INHEEMSE VELDBOKKE** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 19 MRT | **BONSMARA** | Afridome, Parys |
| 1 MEI | **TULI** | Lettie Fouché Skool, Bloemfontein |
| 14 JUN | **BRAFORD** | Afridome, Parys |
| 19 JUN | **DRAKENSBERGER** | Afridome, Parys |
| 3 JUL | **BEEFMASTER** | Afridome, Parys |
| 12 JUL | **BORAN** | Afridome, Parys |
| 17 JUL | **BRAUNVIEH** | Afridome, Parys |
| 6 AUG | **BRANGUS** | Afridome, Parys |
| 12 AUG | **SA VLEISMERINO** | Frankfort Auction Centre, Frankfort |
| 14 AUG | **SUSSEX** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 14 AUG | **MEATMASTER** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 15 AUG | **AFRIKANER** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 29 AUG | **SAVM JONGRAM- EN OOI** | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |
| 19 SEP | **BEEF SHORTHORN** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 26 SEP | **NGUNI** | Aldam Vakansieoord, Winburg-area |
| 16 OKT | **BOERBOK** | Bloemskougronde, Bloemfontein |
| 18 OKT | **MINIATUURPERD** | Fire & Wine, Zwavelpoort, Pretoria |

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM

LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za

# VEILINGS

#VENUES
@BLOEM SHOWGROUNDS



## 2025

| | |
|---|---|
| 28 Feb | Buks & Koos de Wet Vleismerino veiling |
| 8 Maart | Nasionale Inheemse Veldbok veiling |
| 11-13 Maart | Nasionale SAVM kampioenskappe |
| 5 April | Vrystaat Meatmaster Klub veiling |
| 1 Mei | Limousin veiling - Bloemskou |
| 2 Mei | Boerbok- & Savanna-, Kalahari Red veiling - Bloemskou |
| 27 Junie | Old Grey Stoetveiling |
| 30 Julie | Nasionale Merino Landskaap veiling |
| 6 Aug | Nasionale SAVM veiling |
| 14 Aug | Nasionale Sussex veiling |
| 15 Aug | Nasionale Afrikaner veiling |
| 28 Aug | DEO Brangus veiling |
| 3 Sept | Willem van den Berg Meatmaster veiling |
| 6 Sept | Inheemse Veldbok veiling |
| 17 Sept | Germar Bonsmara veiling |
| 19 Sept | Nasionale Shorthorn veiling |
| 16 Okt | Nasionale Boerbok veiling |

*Kontak ons vir jou volgende veiling:*

051 448 9894/5 info@bloemshow.co.za www.bloemshowgrounds.co.za

# Het jy geweet?






# Resep

## BILTONG MUFFINS



### Bestanddele

- 250ml volgraanmeel
- 250ml koekmeel
- 500ml biltong (fyn)
- 125ml Cheddar kaas30ml Bakpoeier
- 3 eiers
- 200ml melk
- 100ml kookolie
- 5ml sout
- 15ml suurlemoensap

### Metode


Meng die bestaandele liggies saam

Skep in gesmeerde muffin panne en bak 11 minute by 220°C

Laat effens afkoel voor dit uitgekeer en met botter voorgesit work

Lewer 12 muffins

# Wat sê die Markte



## Bees

A2/3 = R 55.71

B2/3 = R 47.89

C2/3 = R 48.81

SPEENKALF = R 34.19



## Skaap

A2/3 = R 95.49

B2/3 = R 65.51

C2/3 = R 63.26

STOORLAM = R 40.60



## Bokke

Ooie = R 42.12

Kids <30kg = R 45.73

Kids 30-40kg = R48.66

Kids > 40kg = R 38.06



## Pluimvee

Bevrore = R 32.17

Vars = R 36.75

IQF = R 33.00



## Vark

Porkers = R 32.58

Baconers = R 32.50



## Safex

Mielies = R 6910 /t

Sojabone = R 9500 /t

Sonneblom = R 10050 /t

Koring = R 5901 /t



## Geld Eenhede

R / $ = R 18.60


R / £ = R 23.18

R / € = R 19.47

Soos by 25 Januarie 2025


www.amtrends.co.za

# Vorige Uitgawes



















# Kliek hier

# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*



Johannes 1:48

'Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.'

- Die Here sien jou in elke situasie waarin jy in die lewe mag verkeer.
- Hy sien jou wanneer jy sterk en suksesvol is.
- Hy sien jou wanneer jy swak, broos en moedeloos voel.
- Hy is met jou in elke stryd en Hy ontmoet jou waar jy is.

Gebed: Vader, dankie dat U bewus is van alles wat ek moet deurgaan en alles wat ek moet aandurf. Dankie dat ek nooit alleen of vergeet is nie, want U sien my, selfs wanneer ander geen kennis dra van wat ek alles moet aandurf nie! Amen.

*Lizelle*

Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!

www.boerhier.co.za

**Foto: AffiePlaas Fotografie**